

NWU & U

ALUMNI


ALUMNItydskrif

Alumni skitter by toekenningsaand

BINNE

- Afstandsonderrig bereik 30 000 studente
- Alumnus se woorde wek hoop
- Weet jy wat Generasie Y-werknemers wil hê?






VOORBLAD: Met hierdie trofee gee die NWU erkenning aan alumni wat uitsonderlike bydraes tot die gemeenskap lewer. Lees meer hieroor op p 10.


15



20



22



Inhoud

Redaksioneel

- 4 Boodskap van die visekanselier
- 5 Elkeen sing sy eie deuntjie
NWU-kundiges ken hul storie
- 6 Dit kom van ver af

Nuus

- 7 Nuwe alumni-vereniging bevorder koördinerings
Ons wil graag met jou kontak hou
- 8 Alumni se kompas wys noordwes
- 10 Voortreflike alumni kry toekennings
- 12 Nomineer uitnemende alumni
Londen-alumni kuier saam
- 13 Afstandsonderrig ontsluit die toekoms
- 14 Kampusnuus

Profiele

- 16 Zenzile vind sy stem en inspireer ander daarmee
- 18 Praat is haar passie en ons plesier
- 20 Opvoeder gee oortreders hoop vir die toekoms
- 22 Tegno-baas vind balans in die natuur
- 24 Dr Renata kén van kultuurkos

Artikels

- 26 Hoe om Generasie Y-werknemers te trek
- 28 Kunsskatte – klein begin lei tot groot gewin
- 30 Erica sing 'n wiegeliedjie vir haar alma mater
- 32 NWU en Kaizer Chiefs span saam
- 33 Ons gee erkenning vir besondere bydraes
- 34 Intervarsity is oorlog, man!

REDAKSIONELE SPAN:

Personeel van Institusionele Bevordering, en kommunikasiebeamptes op die kampusse.

BLADUITLEG:

Studio Chatnoir.

DRUKWERK:

Ivylite Technologies.

FOTOGRAFIE:

NWU-kollegas en -diensverskaffers.

VIR VERDERE NAVRAE/ KORRESPONDENSIE:

Nelia Engelbrecht - Tel 018 299 4937,
faks 086 614 3222.

Die NWU & U word deur die Institusionele Bevordering-departement van die NWU in Engels en Afrikaans voorberei en uitgegee. Indien u nog kopieë wil hê, skakel gerus vir Nelia Engelbrecht. Om die NWU & U in elektroniese formaat te ontvang, stuur asseblief 'n e-pos aan marelize.santana@nwu.ac.za.

Boodskap van die visekanselier

Beste alumnus

Dit is half onwerklik om te besef dat ons reeds in die 10de jaar van die nuwe Noordwes-Universiteit is. In hierdie tyd is 'n hele nuwe generasie van meer as 100 000 "nuwe NWU-alumni" tot ons gewaardeerde alumni-korps gevoeg.

Ons is baie dankbaar vir stabiliteit op al ons kampusse asook volgehoue kwaliteit onderrig-leer, navorsing en effektiewe bestuur vir ons nagenoeg 60 000 studente:

ONDERRIG-LEER

In 2012 het ons onderrigmetodiek verseker dat 88 uit elke 100

studente hul eksamens vir 'n spesifieke module slaag. Ons is ook baie trots op ons graadvoltooiingskoers van 25% wat baie hoër as die nasionale gemiddeld van 17% is. Ons lae eerstejaarsuitvalsyfer van 12% vergelyk goed met 'n sektorgemiddeld van tussen 25% en 30%. In 2012 het ons 14 669 grade en diplomas toegeken, voorwaar 'n uitstekende bydrae tot die bereiking van ons land se beplanningsdoelwitte.

NAVORSINGSUITSETTE

Die NWU het 670 meestersgrade in 2012 toegeken, waarvan 433 navorsingsmeestersgrade was, asook 'n ongelooflike 154 PhD's – meer as 10% van die land se PhD's. Ons het 935 navorsingsartikels gepubliseer en het 140 Nasionale Navorsingstigting-gegradeerde navorsers. Dit beteken dat ons navorsingsproduktiwiteit, wat miskien een van ons swakpunte in die verlede was, baie goed gegroei het.

FINANSIES

In 2012 was ons begroting R2,7 miljard en daarvan het ons R864 miljoen uit eie aktiwiteite gegenereer. Ons het (net) 41% staatsubsidie ontvang en het vir die eerste keer die grens van 3%-surplus oorskry, naamlik R84,1 miljoen. Ons het ook 'n rekordbedrag van R123 miljoen aan nuwe infrastruktuur-ontwikkelinge spandeer.

TRANSFORMASIE

Ons word dikwels gekritiseer oor ons vordering met transformasie. Wees egter verseker dat ons hier eweneens vir onself meetbare teikens gestel het met 10 transformasie-elemente. Om maar een voorbeeld te noem: die persentasie swart personeel met doktorsgrade het van net 23,53% in 2006 tot 42,48% in 2012 gegroei.

KWALITEIT

In ons strewe na die handhawing van kwaliteit is dit belangrik om aan te hou monitor. Vroeg in 2014 sal

'n internasionaal geleide evaluering gedoen word om te bepaal tot watter mate die NWU daarin geslaag het om die samesmeltingsdoelwitte en ons missie te bereik.

Die paneel sal in die besonder fokus op transformasie, posisionering van die NWU, die kernbesigheid (onderrig-leer, navorsing en die implementering van kundigheid) en ook effektiewe bestuur en korporatiewe bestuur. Dit is 'n uitstekende geleentheid om vir die volgende visekanselier en sy/haar bestuurspan 'n oorsig te gee van watter doelwitte en mylpale reeds bereik is.

MY FINALE TERMYN

Op 'n meer persoonlike noot: my tweede en finale termyn as visekanselier kom in Mei 2014 tot 'n einde. Teen die tyd wat u dié boodskap lees, sal die proses vir die aanstelling van 'n nuwe visekanselier en institusionele registrator reeds afgehandel wees.

Terwyl die nuwe registrator vanaf Januarie 2014 volledig in diens sal wees, is die bedoeling dat ek vir 'n tyd (waarskynlik April tot Mei 2014) saam met die aangewese visekanselier sal werk. Hierdie proses sal sorg vir institusionele stabiliteit, konsolidasie van die voortgaande groei in uitsette en goeie korporatiewe bestuur.

Dit is werklik bevredigend om na meer as 12 jaar (insluitende twee jaar by die voormalige PU vir CHO) terug te kyk en te sien hoe ons deur 'n moeilike samesmeltingsproses ons kernbesigheid kon groei om inderdaad 'n gebalanseerde onderrig-leer- en navorsingsuniversiteit te word.

Lekker lees aan hierdie uitgawe!

Vriendelike groete

Heuns Cloff

“Elke mens het ’n spesifieke roeping of missie in die lewe... In hierdie opsig kan ’n mens nie vervang word nie, en kan sy of haar lewe ook nie herhaal word nie. Elkeen se taak is dus uniek, nes elkeen se besondere geleentheid om dit te implementeer.”

- Viktor E Frankl, Oostenrykse neuroloog, psigoloog en oorlewende van die Holocaust.

Elkeen sing sy eie deuntjie

Wanneer ’n mens deur hierdie uitgawe van die NWU & U blaai, val dit op hoe uniek elke NWU-alumnus se talent en bydrae tot die gemeenskap is.

Ons alumni woeker met hul besondere kennis of vaardighede en presteer op wyd uiteenlopende gebiede.

Tien van ons alumni het vanjaar NWU-toekennings ontvang vir hul uitstaande bydraes. Die gebiede waarop hulle presteer het, wissel van die politiek en staatsleer, tot regte, kernkrag en tradisionele geneeskunde. (Lees gerus die artikel op p 10.)

Nog ’n alumnus wat vanjaar ’n toekening gekry het – dié keer die gesogte Onderrig en Opleiding-toekening van die Minister van Korrektiewe Dienste – is me Hellen Leseane, ’n alumnus van die Mafikengkampus.

As hoof van onderrig en opleiding by die Mafikeng Korrektiewe Sentrum, bring sy hoop vir oortreders deur die opvoedkundige programme wat sy aanbied.



Wat sommige van ons alumni se bydraes tot die gemeenskap nog groter maak, is dat party van hulle steil opdraandes moet uitklim voor hulle die hoogtes kan bereik. Mnr Zenzile Rens, alumnus van die Vaaldriehoekskampus, is een van hulle (Artikel op p 16).

Nadat hy as baba in ’n brand ernstige wonde aan sy gesig opgedoen het en sy een arm verloor het, het hy gedoen waarvoor min mense kans sien: hy het homself as openbare spreker bekwaam. Vandag dra hy sy kennis van redevoe-ring oor aan werklose jongmense in Orange Farm en inspireer hy hulle om hul lewens positief te verander.

Ander alumni wat mense se lewens ver-ryk, is me Yolanda Maartens, me Erica Eloff en dr Hannes Taljaard wat elkeen op haar of sy eie unieke manier vir groot luistergenot sorg.

Yolanda, ’n omroeper by die radiosta-sie OFM, is vir baie mense ’n gereelde gespreksgeenoot wat hulle dag na dag inlig en vermaak. (Artikel op p 18.)

Lees ook op p 30 hoe die musiektalent van sopraan Erica en komponis dr Hannes die speserye verskaf wat vir gewone mense die lewe ongewoon en pikant maak.

As ’n mens dit alles in ag neem, lyk dit – op ’n ligter (musiek)noot – dat daar beslis iets steek in die Afrikaanse spreekwoord wat sê elke voël sing soos hy gebek is.

Laat ons dus sing soos ons talente en vaardighede ons voorskryf en bemagtig – elkeen sy eie wysie op sy eie beson-dere toonhoogte.

Lekker lees,

Nelia

en die NWU & U-span

NWU-kundiges ken hul storie

Die NWU se kundiges word dikwels in die media aangehaal, wat die openbare beeld van die universiteit uitbou as ’n instelling wat streef na kennis en innovasie om ander in staat stel om hul lewenskwaliteit te verbeter. In hierdie artikel deel ons van ons kundiges se kommentaar wat gedurende die afgelope jaar in die media gepubliseer is.



“Die verslag oor klimaatsverandering is onlangs bekend gemaak. Een van die belangrikste bevindinge hierin is dat die wetenskap 90% seker is dat die klimaatsveranderinge wat ons sedert die 1950’s beleef, deur die mens gedryf word. Dit kan dus nie aan natuurlike siklusse toegeskryf word nie.”

Prof Kobus van der Walt,
Fakulteit Natuurwetenskappe,
Potchefstroomkampus

RSG Omgewingspraatjies
28 September 2013



“Dit is belangrik vir die regering en ander belanghebbendes om innovasie te stimuleer, veral in ’n land soos Suid-Afrika waar werkloosheid hoogty vier. Dis nodig vir alle belanghebbendes om hande te vat en innoverende idees van die jeug te ondersteun ten einde opkomende entrepreneurs te kweek.”

Dr Mulunga Mwanza,
Fakulteit Landbou, Wetenskap en
Tegnologie, Mafikengkampus

Polity.org.za
6 September 2013

Dit kom van ver af

Dit is met 'n warm gevoel om die hart dat 'n mens die briewe van ons alumni lees. Ons deel dit graag hier met ons lesers.



Geagte redaksie,

Sit my naam ook by die lys van lesers wat julle seker gelukwens met die NWU & U; ook met die treffende voorbladfoto en -uitleg! Die fotograaf verdien vermelding ('n 'byline'!), sowel as die uitlegkunstenaar.

Dankie vir lekker leesbare artikels. By "Kenners se woorde is goud werd" sien ek prof Kobus van der Walt wat Saterdagoggende voor sewe met sy 'omgewingsvriende' op Radio Sonder Grense praat, het nie die uitdunne gehaal nie. Ek mis nie een van sy insiggewende geselsies nie en hoop hy hou dit (nogtans) vol...

Seënwense,
Hein van der Walt,
Florida Hills, Johannesburg

Die NWU & U het ook 'n brief ontvang van me Pieterella Slot de Jong wat vertel hoe die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO) haar bygestaan het na die dood van haar man, 'n instrumentmaker by die universiteit. Hier volg verkorte dele uit haar lekker lang geselsbrief:

Beste redaksie,

Nadat 'n mnr Verhoef van die universiteit my onlangs gebel het oor my kontakbesonderhede as alumnus, wil ek vir julle skryf oor my herinneringe aan die PU vir CHO soos ek dit onthou.

Ná my man se dood, toe dit blyk dat die pensioen ontoereikend sou wees vir die behoeftes van die gesin, het die universiteit my werk aangebied. Maar ek was, soos die ou tradisie destyds was, slegs 'n huisvrou met onvoldoende opleiding.

Die destydse fakulteitshoof van Natuurwetenskappe, prof Van

Rheede van Oudtshoorn, het gesê ek moet maar by die farmasiedepartement se laboratorium kom werk. Dus stap ek in 1972 baie skugter die plek binne.

'n Paar maande later doen sy aan-soek vir 'n pos by die biblioteek. Haar huishoudskool-diplomas deug egter nie vir toelating tot universiteitstudies nie. Ná twee jaar van aandklasse skryf sy matriek – 'n hindernis wat sy "met die hakke oor die sloot" oorbrug het, soos sy dit beskryf.

In 1975 kan ek inskryf vir graadstudie, want vir die Laer Diploma in Bibliotekkunde het mens vyf BA-vakke nodig gehad.

Twee van my kinders was toe nog besig met hul studie en dit motiveer vir my om ook maar aan te hou studeer. Met gevolg dat ons al drie in 1981 graad gevang het.

By elke gradeplegtigheid was daar een van ons. Die gevolg was dat die rektor, prof Tjaart van der Walt aan my jongste gevra het: "Hoeveel Slotte kom daar nog?" en sy kon sê: "Ek is die laaste."

Nadat Pieterella as bibliotekaresse op die kampus en later ook in die biblioteek van die militêre kamp in Potchefstroom gewerk het, trek sy Krugersdorp toe.

Krugersdorp sou sy eeufees vier en daarvoor moes die geskiedenis nagevors en te boek gestel word – dit was my opdrag. Die eis was dat ek daarvoor 'n nagraadse diploma in Kultuurgeskiedenis moes behaal.

Nadat sy die vereiste diploma aan die Universiteit van Pretoria behaal het, skryf sy so oor haar aftrede:

Wat om met jou vrye tyd te doen? Die beste idee is studeer. So het ek op 71 jarige leeftyd my "Master

Skryf gerus en vertel vir ons waar in die wêreld julle jul bevind en hoe dit met jul loopbane gaan, of skryf sommer oor ditjies en datjies wat julle na aan die hart lê. Stuur julle briewe na nelia.engelbrecht@nwu.ac.za, faks dit na 086 614 3222 of pos dit aan Nelia Engelbrecht, Institusionele Kantoor, Noordwes-Universiteit, Privaatsak X1290, Potchefstroom, 2520.

ONS HOOR GRAAG VAN JULLE!

of Cultural Sciences" aan die Universiteit van Pretoria behaal.

Maar hierdie brief is nie net 'n verhaal van my prestasies nie. Dit is 'n eerbewys aan die PU vir CHO wat my nooit in die steek gelaat het nie, maar my alle kanse gebied het om te studeer en so 'n loopbaan te kon bou.

Ek en my gesin sal altyd met groot lof van ons universiteit praat. Inmiddels het al vier my kleinkinders daar studeer; die laaste is nou 'n derdejaar-onderwysstudent.

Ek is nou byna aan die einde van my lewe, maar danksy onder andere my universiteitspensioen, lewe ek rustig in my meenthuis.

Dit is my verhaal – vir my gaan dit om die bewys dat daar altyd kanse vir 'n mens is en dit aan jou gebied word deur verantwoordelike instansies. Jy moet dit net benut.

Hartlike groete,

Pieterella Slot de Jong,
Rant en Dal, Krugersdorp

Nuwe alumni-vereniging bevorder koördinerings

Die NWU het vanjaar op 28 Februarie 'n institusionele alumni-vereniging, met verteenwoordiging van al die kampusse daarop, gestig.

Die NWU se Statuut maak voorsiening vir so 'n vereniging om die Konvokasie by te staan om professionele, sosiale, opvoedkundige en ander verhoudings tussen die NWU en tussen alumni onderling te bevorder.

"Die vereniging moet onder meer ook seker maak dat dit wat ons met die NWU se alumni kommunikeer en wat ons vir hulle doen en aanbied, aan hul verwagtinge voldoen," sê me Nina

Brazer, direkteur van Institusionele Ontwikkeling en Alumni-verhoudings.

Nog 'n belangrike taak is om te help met die vestiging van afdelings of "chapters", iets wat ook in die Statuut beskryf word.

Hierdie afdelings kan volgens streke, beroepsrigtings of historiese agtergrond geskep word en kan ook sport-, sosiale of kultuurgroepe wees.

VERGADER IN 2013

Ná die stigtingsvergadering in Februarie op die Vaaldriehoekskampus, het die Institusionele Alumni-vereniging op 18 Julie by die Institusionele Kantoor in Potchefstroom, en op 16 September op die Potchefstroomkampus vergader.

Behalwe Nina en die alumni-koördineerder van elke kampus, dien daar ook een alumnus per kampus op die vereniging.

"Omdat belangrike alumni-rolspelers van die kampusse nou saam in die Institusionele Alumni-vereniging dien, sal dié vereniging bydra tot beter gekoördineerde alumni-aktiwiteite dwarsoor die NWU," sê Nina. ▀

Die kampusverteenwoordigers op die nuwe Institusionele Alumni-vereniging is bo mnr Bert Sorgdrager, (Potchefstroomkampus) en onder mnr Heinrich Kriel (Vaaldriehoekskampus). Die Mafikengkampus is tans in die proses om 'n verteenwoordiger aan te wys.

Die NWU se onlangs gestigte Institusionele Alumni-vereniging sal onder meer help om afdelings oral in die land te vestig en betrokkenheid van alumni aan te moedig.



Ons wil graag met jou kontak hou

Die NWU se alumni-oproepsentrum het sedert sy ontstaan in Maart 2012 reeds sowat 10 000 alumni se kontakbesonderhede hersien.

Die span agter dié prestasie is me Izette Schouwstra, me Charmaine Coetzee, me Thandi Ralekgetho en me Louisa Vermeulen.

Vanuit die Institusionele Kantoor in Potchefstroom kontak hulle alumni van al drie kampusse asook die

NWU se voorgangers wat op 1 Januarie 2004 saamgesmelt het.

"Ons alumni is baie vriendelik en bly om van die NWU te hoor en vertel graag vir ons wat hulle deesdae doen," sê Izette.

Die oproepsentrum is deel van die afdeling Ontwikkeling en Alumni-verhoudings. "Ons alumni is 'n gewaardeerde belanghebbegroep van die NWU en ons wil seker maak

dat ons almal se nuutste kontakligting het," sê me Nina Brazer, die direkteur van die afdeling.

"As jou kontakbesonderhede verander, laat weet asseblief ons oproepkantoor," nooi sy.

Hier is Izette se besonderhede: izette.schouwstra@nwu.ac.za of tel 018 285 2594. ▀




Alumni se kompas wys noordwes

Gedurende die tweede deel van 2013 het NWU-alumni vanuit alle windrigtings gekom om saam te kuier. Ons deel graag van hierdie geleenthede met ons lesers.

Alumni glo aan teruggee

Behalwe 'n prysuitdelingsfunksie wat alumni van die departement Vervoer-ekonomie in Mei 2013 gehou het, het Mafikeng-alumni van verskeie fakulteite ook in Augustus iets van hul wysheid en ondervinding teruggeploeg toe hulle met studente oor hul toekoms gepraat het.

Dié geleentheid het op 30 en 31 Augustus 2013 plaasgevind en is deur die Christen-studentebeweging aangebied.



Mnr Takudzwa Masunda (links) is die voorsitter van die Christen-studentebeweging op die Mafikengkampus. By hom is mnr Kgotsa Rakoma, een van die alumni wat met die studente gesels het.

Onder meer 'n sielkundige, sosiale werker, mikrobioloog, verpleegster, rekenmeester en kandidaat-prokureur het met die studente oor onderwerpe soos persoonlike finansiële beplanning en die keuse van 'n werkplek gepraat.

Nie lank daarna nie, op 15 November, is die rooi tapyt vir alumni uitgerol. Hou die eerste NWU & U van 2014 dop vir inligting oor dié jaarlikse glansaad wat deur ongeveer 600 alumni in die Mmabatho Convention Centre bygewoon is.

KEN JOU KAMPUS

Vir volgende jaar beplan die alumni-kantoor 'n "ken jou kampus"-veldtog. As deel hiervan gaan hulle alumni nooi vir kampustoere, gradeplegtighede en ope dae.

"Ons gaan ook 'n beraad hou waartydens alumni uit verskillende sektore terugvoer sal kan gee oor hoe hulle by ons onderrig gebaat het en waar ons kan verbeter. Die geleentheid sal waarskynlik kort ná die gradeplegtighede in Mei plaasvind," sê me Susan van Rooyen, die alumni-koördineerder op die kampus.

Sy sê die media sal ook betrek word om die publiek bewus te maak van wat die kampus aanbied, en hoe hulle alumni in die korporatiewe wêreld vaar. ▶

Vaal vier 30 jaar met sang en stories

Baie kan in 'n dekade gebeur, en nog heelwat meer in 30 jaar.

Dit was die woorde waarmee die rektor van die Vaaldriehoekskampus, prof Thanyani Mariba, die alumni by hul jaarlikse spoggeleentheid op 23 Augustus 2013 verwelkom het.

Heinz Winckler, 'n bekende Suid-Afrikaanse sanger en wenner van die heel eerste Suid-Afrikaanse Idols-telesieprogram, het vir die musiek gesorg.

Bemarking en Kommunikasie het vir die stories gesorg. Personeel van dié afdeling het die stories vooraf versamel en aan die hand van staaltjies, foto's en media-terugflitse die verhaal van die afgelope 30 jaar vertel.

Een van dié stories was byvoorbeeld van die ingenieurstudente wat hulle eie mampoer gestook het as deel van 'n fondsinsamelingspoging in 1982. Dit was eers ná die destydse koshuisvader navraag gedoen het oor die eienaardige pampoenreuk, dat hulle

met die sak (gegiste) patats vorendag gekom het.

Of hulle darem iets ingesamel het? Wel, te wyte aan die hoë alkoholinhoud en die streng (en dikwelse) kwaliteitsbeheer kon hulle daarna glad nie onthou nie...

ONTBYTSESSIE FOKUS OP VAKBONDE

Met landswye stakings nog vars in Suid-Afrikaners se geheues, het prof Hugo Pienaar, 'n kenner van arbeids-

Koshuiskuiers sorg vir vet pret

Koshuiskaskenades, kalwerliefde en laatnagaande was die gespreksonderwerpe toe oud-inwoners van verskeie Potchefstroom-kampus-koshuise onlangs reünies gehou het.

Villagers het van 19 tot 21 Julie 2013 hul 35 jaar-reunie gehou. Dit het onder meer 'n kuier by die klubhuis op die kampus, 'n krieketwedstryd en 'n spitbraai ingesluit. Dié reunie het oudergewoonte saamgeval met die jaarlikse rugbywedstryd tussen Villagers en Heimat en die "ou manne" kon kyk hoe die jonges mekaar die stryd aansê.

'n Paar dae later, op 27 Julie, het 35 manne van die manskoshuis, Over-de-Voor (ook bekend as Overs), hul koshuislied met oorgawe gesing, hul vroeë sestigerjare ten spyt.

Afgetredenes, akademici, aptekers, bemerkers, bestuurslui, boere, 'n diplomaat, regslui, rekenaarfundi, sakemanne en selfs 'n adjunkminister het van oral in Suid-Afrika gekom om by Carel en Esmé van Heerden se huis in Northcliff, Johannesburg om die braaivleisvuur te kuier.

Behalwe die koshuisreünies, was daar ook ander alumni-byeenkomste, onder meer in Nelspruit en in Mosselbaai.

Prof Herman van Schalkwyk, rektor van die Potchefstroomkampus, het op 1 Augustus vir sowat 70 oud-studente, voornemende studente en hul ouers in Nelspruit vertel hoe dit met die universiteit gaan en wat die nuutste verwickelinge op die kampus is.

Op 2 September was dit seekostyd toe oudstudente van regoor die Suid-Kaap in



Mosselbaai bymekaar gekom het. Tydens dié geleentheid het voornemende studente ook kans gekry om met oudstudente en bemerkers van die universiteit oor die lewe op die NWU se Potchefstroomkampus te gesels.

VAN EIKENHOF TOT OOSTERHOF

Kort daarna was dit die dames se beurt.

Eikenhof-dameskoshuis het van 2 tot 4 Augustus hul twintigste jaar as volwaardige senior dameskoshuis op die Potchefstroomkampus gevier. Dié koshuis bestaan al vir 52 jaar, maar was tot 1993 'n koshuis van die voormalige onderwyskollege (POTE).

'n Skemerkelkie, 'n draai deur die koshuis, 'n skaapbraai en 'n dorp-rooi-verf-sessie het vir groot pret gesorg. Ná die besige naweek moes almal afskeid neem, maar die gedagte aan die volgende samekoms het darem as troos gedien.

Ander dameskoshuise wat vanjaar reünies gehou het, is Vergeet-my-nie en Oosterhof. ▸

Die "ou dames" by Eikenhof se reunie is agter van links me Jeanine Pires-Putter, me Annarette Jansen van Rensburg, me Marietjie Smit en me Itricia Cass. Voor van links is me Anja Franken, me Emmie Viviers en me Marlize Kitching.

wetgewing, op 15 Oktober 2013 met alumni gesels oor die rol en impak van vakbonde.

Met die tema "Dra vakbonde by tot werkloosheid?" het prof Hugo gepraat oor onder meer stakings, die invloed van vakbonde in die werksomgewing, die beskerming van werkers en wetgewing oor minimumlone.

Alumni uit veral die sakesektor het die geleentheid bygewoon. ▸



By die Vaaldriehoekkampus se alumni-dinee is van links mnr Oupa Kwaledi, mnr Nkululeko Khomo, me Nothando Phandle, me Thandi Phandle, mnr Chuku Taole, mnr Wanda Ntombela, en mnr Nico Kroucamp.

Voortreflike alumni kry toekennings



Die Noordwes-Universiteit se toptien-alumni is op 6 September tydens 'n bekroningsgeleentheid in Sandton vereer. Van agter is mnr Eric Bukasa Ntumba, dr Bismark Tyobeka, mnr Maans Pretorius, dr Theuns Eloff (wat 'n toekenning vir voortreflike diens gekry het), dr Johan van Zyl en mnr De la Rey Venter. Voor is regter Bess Nkabinde, prof TT Cloete en regter Yvonne Mokgoro. (Mnr FW de Klerk en prof Johann Coetzee kon nie die geleentheid bywoon nie.)

Die NWU het tydens 'n bekroningsgeleentheid wat op 6 September in Sandton gehou is, sy toptien-alumni wat die land help vorm het, vereer.

Die hoogaangeskrewe Lewensprestasië-toekenning is aan voormalige Staatspresident FW de Klerk, wat in 1958 sy Baccalaureus-graad in Regsgeleerdheid aan die destydse Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys voltooi het, toegeken.

"Die gees van die NWU word weerspieël in die wyse waarop dit die toekoms vir sy studente ontsluit en hulle in staat stel om hul plek in die wêreld te vind," het dr Theuns Eloff, visekanselier van die NWU, tydens die geleentheid gesê.

"Om ons alumni se uitstaande prestasies en buitengewone bydraes tot die samelewing te vereer, word openbare erkenning hiermee aan hulle gegee."

Van die alumni wat vereer is, is onder meer dr Bismark Tyobeka wat onlangs as hoof-uitvoerende beampte van die Nasionale Kernreguleerder van Suid-Afrika benoem is; dr Johan van Zyl, die president van Toyota SA Motors; asook 'n voormalige en 'n huidige regter van die Konstitusionele Hof.

Dr Theuns het gesê vir baie jare reeds het NWU-alumni hul merk gemaak – nie net in Suid-Afrika nie, maar ook internasionaal.

"By ons universiteit gaan dit nie net oor onderlig nie, maar oor die geleentheid wat dit bring. Ons bied meer as onderrig; ons gee aan mense 'n plek in die wêreld.

"Ons wil ons alumni gelukwens met hul prestasies en ons studente aanmoedig om Suid-Afrika en die wêreld op dieselfde wyse te ontwikkel as wat ons alumni gedoen het," het dr Theuns gesê.

"Die NWU het op 1 Januarie 2004 amptelik tot stand gekom as deel van die nasionale regering se groter plan om hoër onderwys te transformeer om hulpbronne meer doeltreffend te benut en die ongelykheid van die verlede aan te spreek.

"Die NWU het dit waarlik sy eie gemaak, nie net deur die viering van vooraanstaande alumni wat opgelewer is nie, maar ook die viering van byna 10 jaar se bestaan as een saamgesmelte en verenigde universiteit.

"Die NWU streef transformasie in alle opsigte na en kon in dié tydperk daarin slaag om studente van hoë gehalte, uitstekende navorsing, en goed afgeronde graduandi te lewer.

"Deur harde werk en volharding word die NWU nou onder die topinstellings in die land gereken vir sy gehalte van onderrig en navorsing.

"Ons is werklik trots op wat die NWU sedert die samesmelting bereik het – ons het opwindende ontwikkelings gehad.

"Die NWU wil 'n plek wees waar alles begin, waar studente nie net akademiese uitnemendheid bereik nie, maar waar hul ambisies gevisualiseer word en hul toekomstige sukses ontwikkel word," het dr Theuns afgesluit. ▸

Die NWU is trots op sy alumni en het vanjaar vir die eerste keer amptelik erkenning gegee aan diegene wat presteer het of uitsonderlike bydraes gelewer het.

HIER IS ONS ALUMNI-WENNERS

Lewensprestasië-toekenning: Mnr FW de Klerk, voormalige Staatspresident.

Alumni-toekennings:

- ❖ Regter Bess Nkabinde, regter van die Konstitusionele Hof (Mafikengkampus)
- ❖ Dr Bismark Tyobeka, hoof- uitvoerende beampte van die Nasionale Kernreguleerder van Suid-Afrika (Mafikengkampus)
- ❖ Regter Yvonne Mokgoro, voormalige regter van die Konstitusionele Hof (Mafikengkampus)
- ❖ Mnr De la Rey Venter, visepresident van Shell Upstream Internasionaal (Potchefstroomkampus)
- ❖ Dr Johan van Zyl, president van Toyota SA Motors (Potchefstroomkampus)
- ❖ Prof TT Cloete, hoogaangeskrewe taalgelerde (Potchefstroomkampus)
- ❖ Mnr Eric Bukasa Ntumba, korporatiewe bestuurder van die Commercial Bank Congo (Vaaldriehoekkampus)
- ❖ Prof Johann Coetzee, bedryfs- en raadgevende sielkundige (Vaaldriehoekkampus)
- ❖ Mnr Maans Pretorius, president van Seadrift Coke (Vaaldriehoekkampus) ▸

Nomineer uitnemende alumni

As jy weet van alumni wat uitsonderlike prestasies behaal of bydraes tot hul gemeenskappe gelewer het, is dit nou jou kans om hulle vir die NWU se alumni-toekennings te nomineer.

Daar sal weer twee soorte toekennings wees: die Alumni-toekenning en die Lewensprestasi-toekenning.

Om vir die Alumni-toekenning te kwalifiseer, moes alumni:

- 'n graad of diploma aan die NWU of een van sy voorgangers behaal het;
- uitnemende persoonlike of beroepsprestasies behaal het;
- voortreflike bydraes tot die gemeenskap gelewer het;
- beduidende leierskap getoon het op bogenoemde terreine; en
- voortgaande toewyding aan die NWU toon.

Huidige lede van die NWU se Raad, die uitvoerende komitee van die Konvokasie, asook die Institusionele Bestuur kom nie in aanmerking vir die toekennings nie en mag dus nie genomineer word nie.

LEWENSLANGE BYDRAES

Nominasies word nie vir die Lewensprestasi-toekenning ingedien nie, aangesien die uitvoerende komitee van die Konvokasie self kan besluit of hulle hierdie toekenning aan een of

meer van diegene wat genomineer is vir die Alumni-toekennings, gaan toeken of nie.

Dié toekenning sal net op seldsame geleenthede toegeken word waar die kandidate se buitengewone lewenslange persoonlike en beroepsprestasies van hulle inspirerende rolmodelle vir die toekoms maak en hulle werklik buitengewone en verdienstelike diens aan die gemeenskap gelewer het.

SO WERK DIE NOMINASIES

Amptenare van die NWU, alumni, permanente NWU-personeellede, raadslede en lede van die Raad van Donateurs mag nominasies indien vir die Alumni-toekennings.

Die nominasievorm wat in die NWU & U is, kan vir nominasies gebruik word – maak seker dat u al die velde voltooi.

Nominasies moet voor of op 31 Maart 2014 by die institusionele registrateur (as sekretaris van die Konvokasie) ingedien word. Die nominasies sal daarna geëvalueer word en die ontvangers van die toekennings sal tydens 'n alumni-dinee in September 2014 aangekondig word. ▶

Enige vrae oor die nominasieproses kan gerig word aan me Therina du Pisani by tel 018 285 2595 of therina.dupisani@nwu.ac.za.



Londen-alumni kuier saam

Vir die eerste keer ooit het die Institusionele Kantoor van die NWU op 15 Oktober 2013 'n alumni-ete in Londen aangebied.

Die genooide gaste het by die Imperial Hotel in Russell Square bymekaar gekom waar dr Theuns Eloff, die visekanselier, met hulle gesels het oor hoe die NWU tans vaar, wat die universiteit vir die toekoms beplan en wat die alumni se verwagtinge van die NWU is.

Volgens die NWU se databasis is daar sowat 70 alumni in die Verenigde Koninkryk, maar me Nina Brazer, die direkteur van Ontwikkeling en Alumniverhoudinge, glo daar is heelwat meer.

“Ons is besig om hulle deur die kerke in die Verenigde Koninkryk op te spoor en ook met die hulp van die alumni wat die ete bygewoon het,” sê sy. ▶



By die ete in Londen is van links dr Theuns Eloff, die visekanselier van die NWU, me Elmarie van der Merwe, mnr David van der Merwe en mnr David Kearney.

Afstandsonderrig ontsluit die toekoms

Met sy meer as 50 onderrigsentra in Suid-Afrika en Namibië, maak die NWU se Eenheid vir Oop Afstandsleer dit tans vir sowat 30 000 studente moontlik om in hul eie omgewing te studeer.

So werk dit: Die dosente sit in een van die nege ateljees op die Potchefstroomkampus, praat oor 'n mikrofoon en skryf op 'n interaktiewe witbord terwyl hulle met 'n kamera afgeneem word. Die studente volg die lesing waar hulle in een van die studiesentra sit wat elk toegerus is met rekenaars en minstens twee interaktiewe witborde.

Die dosente gebruik die witborde om byvoorbeeld iets te verduidelik, net soos hulle in 'n werklike klaskamer die swartbord sou gebruik het. Omdat die witborde met die internet gekoppel is, kan lesings ook van die internet af verkry word en op die witbord vertoon word.

Die studente kan ook by die sentrums op die witborde skryf – onder meer vrae aan die dosent – en alle deelnemers kan dit sien. Hoewel studente gelyktydig op enige van die witborde kan skryf, is daar gelukkig fasiliteerders in elke studiesentrum wat dit koördineer en so chaos verhoed.

Studente kan ook boodskappe stuur via SMS, Facebook of Twitter, of 'n inbelsentrum skakel vir akademiese of administratiewe navrae.

In 2014 word 'n derde witbord by elke sentrum gevoeg sodat drie modules tegelyk aangebied kan word. 'n Witbordlesing deur die dosent word gevolg deur 'n fasiliteringssessie vir groepsbespreking.

By die studiesentrums het studente ook toegang tot rekenaars en literatuur. Namate hulle ook persoonlik internettoegang begin kry, kan hulle ook tuis aan lesings deelneem. ▶

Afstandsonderrig sluit deure oop vir mense wat weens hul persoonlike omstandighede nie voltyds op 'n kampus kan studeer nie.

1 As studente 'n klas gemis het, kan hulle die lesing op die internet kry en op hul rekenaars of iPads daarna kyk. Meer as **500 lesings** is reeds in die afgelope jaar so opgeneem.




W.W.W



2 Afstandsonderrig is tussen **20% en 30% goedkoper** as kontakonderrig, omdat die studente reis- en verblyfkoste spaar. Hulle kan ook aanhou werk en 'n inkomste verdien terwyl hulle studeer.




3 **27 000** onderwysstudente



Van die ongeveer **30 000** huidige afstandstudente is sowat 27 000 onderwysstudente. Die ander is verpleegkunde- en teologiestudente. Nuwe programme wat binnekort aangebied gaan word, is die Graad R-diploma, BEd, BA in Besigheidsadministrasie (BBA) en Polisiepraktyk.

4 Meer as **50 000** grade en diplomas is die afgelope 20 jaar toegeken.



5 Die eenheid wil sy onderrig ook na Botswana, Zimbabwe, Mexiko, Brasilië en Angola uitbrei. Daar word ook reeds aan 'n sentrum in Portugal gekoppel.



6 Die manier waarop die eenheid gevorderde **virtuele tegnologie** inspan om onderrig na mense in afgeleë plekke te bring, maak van dit die gevorderdste instelling van sy soort in Suid-Afrika.



Die ultramoderne inbelsentrum kan gekontak word by 018 285 5900 of DistancePotch@nwu.ac.za

Navorsing fokus op grootouers

Die Sentrum vir Kinder-, Jeug- en Familiestudies in Wellington – wat deel van die Potchefstroom-kampus is – het insiggewende navorsing bekendgemaak oor die ervaring van grootouers as primêre versorgers van hul kleinkinders.

Hierdie verskynsel is wêreldwyd aan die toeneem en in Suid-Afrika is daar nog geen navorsing gedoen oor wit grootouers wat in voorstedelike gemeenskappe die primêre versorgers van hul kleinkinders is nie.


Me Susan Brink, 'n meestersgraadstudent onder leiding van me Issie Jacobs, 'n lektor, het bevind dat sosiale en struktuurveranderinge van families hiertoe lei.

Dié veranderinge kan die dood van die ouers, egskending, onbekwaamheid weens kroniese siektes, dwelm- en drankmisbruik of tienerswangerskappe wees.

Die vernaamste bevinding was dat grootouers konflik ervaar tussen die situasie waarin hulle hulself bevind en die tradisionele rol van grootouers. Dit laat hulle besef dat hulle nou die plaasvervangende ouerrol moet vervul.

Hierdie ouerrol stel hoë eise aan grootouers – dit het 'n impak op hul interpersoonlike verhoudings en hul finansies.

Grootouers sukkel ook met dissipline en het 'n behoefte aan ouerleiding en die hulp van professionele persone om hulle toe te rus en te ondersteun. ▶



Moniteer oogbeweging vir beter leer

Die Vaaldiehoekampus se navorsingsfokusarea, UPSET*, het onlangs die NWU verteenwoordig by die 17de European Conference on Eye Movements wat in Lund, Swede gehou is.

Prof Jan-Louis Kruger, leier van die subprogram Oudiovisuele Vertaling, het 'n referaat gelewer wat hy saam met sy kollegas, me Esté Hefer en mnr Gordon Matthew geskryf het.

Die referaat, "Attention distribution in academic lectures: Eye tracking and performance", het die maniere ondersoek waarop studente hul visuele en kognitiewe aandaghulpbronne tydens 'n akademiese lesing verdeel.

Studente moet gedurig hul aandag verskuif tussen verskeie inligtingsbronne. Die woorde van die dosent, die inligting wat deur 'n visuele aanbieding verskaf word, en 'n transkripsie of vertaling van

die dosent se woorde deur middel van onderskrifte sal noodwendig tot kompetisie lei en mag kognitiewe oorlading veroorsaak.

Prof Jan-Louis en sy medeskrywers het die verdeling van visuele aandag tussen inligtingryke bronne soos onderskrifte, aanbiedingskyfies en die dosent bestuur en vergelyk met die aandag wat geskenk is aan die res van die skerm, wat min inligting het.

Die doel van hierdie navorsing is om oognaspeurdata met prestasie en brein-aktiwiteit-afmetings te korreleer. Dit stel navorsers in staat om te bepaal watter impak aandagverdeling tussen verskillende inligtingsbronne op akademiese begrip het. ▶

**UPSET staan vir Understanding and Processing Language in Complex Settings.*

Mafikengkampus reik uit na opkomende boere

Die Sentrum vir Dieregesondheidstudies is tans besig met 'n program vir gemeenskapsuitreiking om opkomende veeboere te bemagtig.

Hierdie program reik weekliks uit na boere in 'n 30 km-radius om die kampus, 'n halfwoestyngebied met veeboerdery as die belangrikste landbou-aktiwiteit.

Die belangrikste doelstellings van die program is om boere te bemagtig deur hul kennis oor veeteelt en diersorg te verbeter, en 'n genepoel vir vee te vestig waartoe boere toegang het. Boere word

ook opgelei in die bestuur van kuddegesondheid wat inenting, inwendige en uitwendige parasietbeheer, teling en primêre dieregesondheidsorg insluit.

Finalejaarstudente in Dieregesondheid is aktief betrokke by die projek wat aan hulle probleemgebaseerde opleiding en praktiese ervaring verskaf. ▶



Nuwe viserektor wil uitdagings aanpak

Die nuwe viserektor vir onderrig-leer aan die Potchefstroomkampus, prof Rantoo Letšosa, beskou sy aanstelling as 'n wonderlike uitdaging.

"Die Here het my so mooi voorberei hiervoor. Ek weet Hy het 'n plan met my, want op my eie sal ek dit nie maak nie."

Prof Rantoo sê sy hartsbegeerte is om te sien dat alle jongmense die geleentheid kry om te studeer. "Ek sien dus die universiteit as een wat omgee en uitreik na mense, selfs na dié op plase en van die kleinste dorpie in ons land. Met die hulp van hedendaagse tegnologie is dit seker nie onmoontlik nie."

Prof Rantoo is die eerste swart viserektor vir onderrig-leer op die Potchefstroomkampus,

en voor dit was hy die viserektor van die Skool vir Teologie van die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika (GKSA).

Prof Rantoo neem die leisels oor by prof Mariëtte Lowes, wat aan die einde van 2014 aftree.

Hy sê hy wil graag sake aanpak wat 'n verskil in iemand se lewe kan maak.

"Ek weet dis 'n groot uitdaging wat op my wag, maar dit is iets wat bereikbaar is. Waar daar 'n wil is, is daar 'n weg."

Oor sy aanstelling as viserektor is hy baie opgewonde. "Vir die universiteit om te oorleef moet ons mekaar se hande hoog hou en saamwerk om verandering te bring. ▀



Prof Rantoo Letšosa is die nuwe viserektor vir onderrig-leer op die Potchefstroomkampus.

FOTO: MARIO VAN DE WALL



Die Vaaldriehoekkampus het sy eerste interaktiewe selfoonspeletjie – Univentre – bekendgestel as hulpmiddel vir studentewerwing.

Dié speletjie is die breinkind van mnr Martin Booth, 'n nagraadse student van die South African Serious Games Institute (SGI-SA) in die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie. Dit gee inligting vir voornemende studente oor akademiese aanbiedings en die kampusomgewing.

Die speletjie help om Bob – 'n fiktiewe voornemende student – te help om 'n besluit te neem oor 'n studierigting deur by al die verskillende fakulteite en akademiese skole aan te doen.

Elke vlak van die speletjie stel 'n akademiese skool voor, en namate jy verder in die speletjie beweeg, word jy ingelig oor die verskillende kwalifikasies en toelatingsvereistes. Bob kry ook die kans om verskillende lede van die kampusgemeenskap en selfs die kampus se geliefde ganse te ontmoet.

Martin sê die bemakingstoepassing is suksesvol in die Google Play Store bekendgestel en belangstellendes kan die volgende skakel volg om by die Univentre-bladsy uit te kom: <https://play.google.com/store/apps/details?id=za.co.nwu.nwuvaaal>.

Die speletjie is tans slegs vir Android-toestelle geskik en 'n Engel- en Afrikaanse weergawe is beskikbaar. ▀

Kenners praat oor tradisionele medisyne in Afrika

Die Sentrum vir Inheemse Kennisstelsels op die Mafikengkampus was onlangs die gasheer vir 'n dialoog oor die erkenning en institusionalisering van tradisionele medisyne in Afrika.

Die belangrikste doelwit was om 'n gespreksplatform vir akademici, tradisionele gesondheidspraktisyne, wetenskaplikes, gesondheidsamptenare, navorsers en regeringsamptenare te skep.

Dit het gelei tot gesprekke oor die vordering wat die regering en belangrike gesondheidsorginstellings gemaak het met die ontwikkeling, kommersialisering en institusionalisering van tradisionele medisyne in Afrika.

Van die hoofbesprekingspunte was oor hoe om 'n gunstige omgewing vir samewerkende navorsing met wetenskaplikes te skep, en die bydrae van tradisionele medisyne in Afrika tot die gesondheids- en ekonomiese van die land.

Tydens die geleentheid is 'n aanbieding oor navorsing en innovering in tradisionele medisyne in Afrika gemaak. Verskillende medisinale produkte wat van inheemse plante gemaak is, is deur die Departement van Wetenskap en Tegnologie se navorsingspan bekendgestel.

Die gesprekke het gelei tot onder meer ooreenkomste oor navorsing en ontwikkeling van tradisionele medisyne, vennootskappe, samewerking en oorleg tussen belanghebbende. ▀

Zenzile vind sy stem

Sy lewe is gespaar sodat hy kan inspireer, sê Zenzile Rens. Nadat hy groot struikelblokke in sy lewe oorkom het, het hierdie alumnus van die Vaaldrie-hoekkampus 'n selfversekerde openbare spreker geword wat die jongmense van Orange Farm inspireer om hul lewens te verander.

Soos talle ander mense het Zenzile Rens 'n diepgewortelde vrees om in die openbaar op te tree.

Hy het egter 'n werklike rede vir hierdie terughoudendheid – sy kinderjare wat beïnvloed is deur 'n ongeluk wat hy amper nie oorleef het nie.

Ten spyte van hierdie trauma is die Zenzile wat 'n mens vandag sien 'n selfversekerde, inspirerende spreker wat jong, werklose mense in Orange Farm – Suid-Afrika se grootste informele nedersetting – help om ook hulle stemme te vind.

“Die persoon wat julle vandag sien, is heeltemal 'n ander mens. As mens na my kinderjare kyk, is my selfvertroue vandag op heeltemal 'n ander vlak,” sê Zenzile, wat in 2009 'n BCom-graad in Ekonomie aan die NWU se Vaaldrie-hoekkampus behaal het. Hy het dié graad met 'n BComHons in Ondernemingsbestuur en Bemaking opgevolg.

Die kampus, en veral die Riverine Toastmasters-klub, is waar Zenzile, wat as seuntjie verskriklik skaam was, uiteindelik die mag van die gesproke woord ontdek het.

“My kinderjare was glad nie maklik nie,” sê hy. “Kinders het vroeë gevra en ek moes heeltyd verduidelik. Ek moes altyd sekere dinge regverdig, wat ietwat van 'n uitdaging was.”

Dié uitdaging was om te verduidelik hoe hy sy linkerarm verloor het en waarom sy gesig so geskend is.

Toe hy net twee maande oud was, is Zenzile ernstig beseer in 'n brand wat veroorsaak is deur 'n kers wat langs sy bed gebrand het terwyl hy geslaap het. Teen die tyd dat hulp opgedaag het, het die vlamme die kamer amper verswelg.

Die mense het met die klein babatjie hospitaal toe gejaag, waar hy ongeveer drie maande lank vir ernstige brandwonde behandel is. Sy arm was so erg beseer dat dit geamputeer moes word.

DIE KRAG VAN WONDERWERKE

Zenzile het herstel en in sy grootwordjare was sy droom om 'n dokter te word. “Ek dink dit was omdat ek gesien het wat hulle kan vermag – wonderwerke.”

Toe hy met die NWU kennis gemaak het, het sy planne verander. “Ek was in graad 12 gelukkig genoeg om deel van die Ikateleng-program te wees,” sê hy.

(Hierdie NWU-program berei graad 12-leerders voor vir die eindeksamen deur aanvullende onderrig in verskeie skoolvakke aan te bied.)

Nadat hy graad 12 geslaag het, het Zenzile by die Vaaldriehoekkampus aangemeld en 'n jaar lank BSc Inligtingstegnologie studeer voordat hy na BCom Ekonomie oorgeskakel het.

Hy het ook die persoon ontmoet wat hom aangemoedig het om sy lewe om te keer – mnr Victor Yawa, 'n studente-leier en lid van die kampus se Riverine Toastmasters-klub.

“Ek was baie skaam en teruggetrokke; ek het op boeke gekonsentreer,” onthou Zenzile. “Victor het my aangemoedig om uit my gemaksones te beweeg en my genoot om 'n Toastmasters-vergadering op die kampus by te woon.”

Die ervaring was 'n skok vir sy gestel. “Op die eerste vergadering het ek groot geskrik. Ek het gesien hoe hierdie mense opstaan en voor ander praat, en ek het gedink ‘Dis nie vir my nie!’ Ek kon net nie sien dat ek dit ooit kon doen nie, en ek wou nie teruggaan nie.”

Dit het nie vir Victor afgeskrik nie. “Hy het volgehou en nie moed opgegee met my nie,” sê Zenzile. “Ek het weer 'n keer gegaan en hierdie keer het ek geluister.”

Hy het uiteindelik besluit om te probeer praat. “My eerste toespraak was oor ‘Me, myself and I’, en dit was byna 'n ramp.”

Dit was omdat die toesprake ver te kort was. “Ek was veronderstel om vir vyf tot sewe minute te praat, maar ek het net 105 sekondes gehaal. Dis hoe min ek gehad het om te sê.”

Toe hy die podium verlaat, het die gehoor egter steeds hande geklap. “Dit het my die moed gegee om terug te gaan. Dit het beteken dat die bietjie wat ek gesê het, gehoor is.”

en inspireer ander daarmee

KRAG VAN BINNE

Met die vind van sy stem het Zenzile nie net 'n gereelde spreker by Riverine Toastmasters geword nie, hy het 'n ampsbekleër geword. "In my tweede jaar is ek as ondervoorsitter van die klub verkies, en toe as voorsitter."

Later, nadat hy graad gekry het, het hy selfs 'n groter leiersrol by Toastmasters gespeel. Hy was eers distrikskoördineerder en toe area-bestuurder wat vir ongeveer 25 Toastmasters-klubs in Suid-Afrika en Lesotho verantwoordelik is. "Ek het van krag tot krag gegaan," sê hy.

Daardie krag kom van binne, en die krag van binne was juis die onderwerp van sy beste toespraak tot dusver.

"Die kragtigste boodskap wat ek aan die wêreld kan gee, is dat wanneer jy besef watter krag jy van binne het, jy die wêreld kan verander. Ek het in die skaduwees geleef en my lig onder die tafel weggesteek. Nou het ek dit op die tafel gesit sodat ek die wêreld kan verlig."

Hy doen dit deur jongmense in Orange Farm te motiveer om hul kommunikasievaardighede te ontwikkel. Met die goedkeuring van Toastmasters en in vennootskap met die LoveLife-organisasie, het hy 'n gavel-

klub in Orange Farm gestig. Dit is 'n klub spesifiek vir werklose mense ouer as 18 en tieners jonger as 18 wat nie die gewone Toastmasters-gelde kan bekostig nie.

MAAK 'N VERSKIL, KOM WAT WIL

"Ons gavel-klub is die eerste een wat in Suid-Afrika gestig is en word die Nakanjani Lovelife Gavel Club genoem. Nakanjani beteken 'kom wat wil'," sê Zenzile.

"Kom wat wil, ons gaan 'n verskil maak in Orange Farm, waar die werkloosheidsyfer baie hoog is. Kommunikasievaardighede is baie belangrik in die arbeidsmark. Hoe kan jy jouself verkoop as jy jouself nie kan uitdruk nie?"

Die klub is in September 2012 gestig en het nou ongeveer 25 geregistreerde lede. "Dit gaan egter nie net oor redenaarsvaardighede nie. Ons wil ook verandering meebring."

Die klub het in September 2013 die eerste loopbaandag in Orange Farm gehou, waar skynlik die eerste wat ooit daar gehou is. "Groot maatskappye het aanbiedings kom doen," sê hy. "Die NWU was daar, en so ook Sasol en PriceWaterhouseCoopers." Ongelukkig het net 50 jongmense dit bygewoon.

"Ek was ongelukkig daaroor. Ons het dit goed bemark by elke skool en op plaaslike radiostasies en het in plaaslike koerante geadverteer. Die opkoms het vir my gewys dat daar nog baie werk gedoen moet word om die mense in Orange Farm se ingesteldheid te verander. Dit is 'n uitdaging wat ek aanvaar."

Zenzile, 'n voltydse prys-analis by Eerste Nasionale Bank in Johannesburg, sê sy vrywilligerswerk as motiveringspreker het sy passie geword.

"Wanneer ek in die oggend wakker word, vra ek myself af waarom ek lewe. Wat is my doel?"

"Die antwoord is dat ek 'n verskil moet maak. Deur te praat, en deur my betrokkenheid by ander organisasies, kan ek mense inspireer en hulle help om hulle lewens te verander. Ek het nooit gedink dat ek my eie vrees vir openbare optrede sal oorkom nie. Nou het ek die vryheid om myself te wees.

"My lewe is gespaar sodat ek ander kan inspireer." ▸

“

EK HET IN DIE SKADU-WEES GELEEF EN MY LIG ONDER DIE TAFEL WEGGESTEEK. NOU HET EK DIT OP DIE TAFEL GESIT SODAT EK DIE WÊRELD KAN VERLIG.

”



Mnr Zenzile Rens motiveer jongmense.

Die pasgetroudes,
Yolanda Maartens
en haar man, Charlie
Brown, ontspan
saam met hul twee
hondekinders, Rocky
en Lucy.

Praat is haar passie en ons plesier

Alumni in die sentrale deel van die land het waarskynlik al die stem van me Yolanda Maartens op die kommersiële streeksradiostasie, OFM gehoor. Die NWU & U het met haar gesels oor haar studentejare op die Potchefstroom-kampus en haar werk as omroeper.

MMe Yolanda Maartens is 'n doener, nie 'n stilsitter nie.

Dis nou behalwe wanneer sy noodgedwonge agter die mikrofoon in OFM se ateljee moet stilsit. Maar dan praat sy – want 'n prater, dié is sy ook. As dogtertjie van vier was sy al klaar nie op haar mond geval nie.

“Ek het een aand vir my pa gewag om van 'n *werktrip* af terug te kom,” vertel sy.

“Ek was doodmoeg en het al om die koffietafel geloop. My ma het gevra of ek nie langs haar wou kom sit nie, want sy het geweet ek sal dan dadelik aan die slaap raak. Toe sê ek vir haar: Ek is 'n loper, nie 'n sitter nie.”

Dié gladdemonst-antwoord was die voorloper van baie praterij wat sou volg en uiteindelik daartoe sou lei dat sy as student op die Potchefstroomkampus 'n oggendprogram vir PUKfm aangebied het.

Dit was egter eers nadat sy in 2009 OFM se *On Air*-talentkompetisie gewen het, dat haar loopbaan as omroeper werklik begin het.

As nuwe omroeper het sy aanvanklik naweke vanaf OFM se ateljee in Potchefstroom uitgesaai, maar in 2011 het sy die geleentheid gekry om as vervaardiger van 'n nuwe program vir OFM te werk.

In Junie daardie jaar is sy sak en pak Bloemfontein toe, waar sy nog steeds bly.

ROSESTAD VS POTCHEFSTROOM

“Die Rosestad kruip al hoe meer in my hart in, maar tog sal ek vir die res van my lewe 'n Potchefstromer bly.”

Hoewel sy in Potchefstroom gebore is, het haar ouers weggetrek toe sy twee maande oud was. Haar kinderjare het sy hoofsaaklik in Richardsbaai deurgebring waar sy van Gr 1 tot 12 skoolgegaan het. (Daarom skree sy “uit die aard van die saak vir die Sharks.”)

Op skool het sy al as “prater” ontpop en talle redenaarskompetisies gewen en toekennings vir Afrikaans gekry.

Ná matriek het sy vir 'n jaar as Rotariër-uitruilstudent in Berlyn gewoon en skoolgegaan.

"Dit was met tye baie eensaam. Ek kom uit 'n hegte gesin en dit was moeilik om hulle nie te sien nie. Maar dit was nogtans 'n wonderlike ervaring."

Gedurende daardie jaar het sy vlot leer Duits praat – vandaar dat sy op universiteit Duits as ekstra vak geneem het en later ook as studente-assistent en -fasiliteerder Duits aangebied het.

'N SOET STUDENT?

Yolanda, wat in 'n studentehuis in Esselenstraat gebly het, sê sy was 'n redelik voorbeeldige student.

"Ek het nogal hard gewerk. My ma-hulle het my mooi laat verstaan: nadat ek 'n jaar oorsee was, het ek net een kans gehad om te swot.

"Ek was lief vir die leeromgewing op die kampus en dit het my gemotiveer om my honneurs in ontwikkelingskommunikasie en my meesters in volhoubare ontwikkeling en ramp-risikobestuur te verwerf."

Nét voorbeeldig was sy darem ook nie.

"Ek het menige aand op die Bult geloop met 'n 'footlong' (hotdog) in die hand en Bourbons se musiek wat nog in my kop draai – maar daarvoor praat 'n goeie student nie uit nie," sê sy skertsend.

Al praat sy nie uit nie, bieg sy darem dat haar man, Charlie, haar in een van hul ander gunstelingkuierpleke, Pablo's, gevra het om sy meisie te wees.

Deur die jare het Yolanda steeds hierdie liefde vir kuier en kontak met mense behou.

MENS TOT MENS

Die persoonlike element van radiowerk is juis vandag nog vir haar 'n groot lekkerte.

"As omroeper het jy direkte kontak met jou luisteraars. Ek kry byvoorbeeld dadelik terugvoer oor 'n nuwe liedjie, oulike resepsie of interessante onderhoud," sê sy.

Yolanda het ook al baie snaakse oomblikke agter die mikrofoon beleef.

"Die snaakste was seker gedurende 'n sportbulletin toe ek *sukseks* in plaas van sukses gelees het. Ek en die aanbieder, Johnne van Huyssteen, kon nie ophou lag nie en ek moes die bulletin vyf minute later hervat. Maar as jy nie vir jouself kan lag nie, is radio nie vir jou nie."

Daar was ook al hartseer oomblikke, soos toe sy 'n program as huldeblyk aan Lindsay

Onderrig 'n vrou, en jy voed 'n nasie op

Behalwe die pretkant van die lewe het Yolanda ook as jongmens die skadukant daarvan ontdek toe sy ná haar studies by die Afrika-sentrum vir Rampstudies op die Potchefstroom-kampus gewerk het.

Daar het sy betrokke geraak by die Girls In Risk Reduction Leadership Project (GIRRL-projek) waar sy gekonfronteer is deur die harde werklikheid van meisies wat fisiese geweld, afpersing en armoede in die gesig staar.

"Hulle moet dikwels ook op 'n baie jong ouderdom die hoof van die huis wees en vir hul boeties en sussies sorg.

"Ek het oneindig baie respek vir hulle vermoë om vir hulself op te staan en met so min oor die weg te kom.

"Dit was *amazing* om te sien hoe hulle deur die projek op 'n persoonlike reis van selfontdekking gaan en dan besef dat hulle enigiets kan word as hulle hard genoeg werk en op die regte plekke om hulp vra.

"Ek wens meer maatskappye en instansies wou studiebeurse aan meisies gee. Soos die bekende opvoedkundige, dr Kwegyir Aggrey gesê het: If you educate a woman, you educate a nation."

Batteson, 'n geliefde kollega wat in 'n motorongeluk dood is, moes aanbied.

"Dit was die moeilikste ding wat ek nog op radio moes doen. Ek kon daarna nie eens die nuus aankondig nie."

AGTER DIE MIKROFOON

Van die interessante mense met wie sy al onderhoude gevoer het, sluit in die sanggroep, Lady Antebellum, renjaer Mika Hakkinen, sangeres Bonnie Tyler, filmster Gerard Butler en plaaslike sangers soos Chris Chameleon, Bobby van Jaarsveld en Nadine.

Of sy al sprakeloos was so agter die mikrofoon?

"Natuurlik," antwoord sy. "Hoe sou jy voel as Bobby van Jaarsveld in die studio by jou sit en reguit vir jou kyk? Of Ryk Neethling? Of Gerard Butler? *I love my job!* En natuurlik is dit *great* vir 'n vrou as sy betaal word om te praat!"

'n Prater is Yolanda beslis. 'n Doener ook – daarvan getuig die oorgawe waarmee sy die lewe lééf. ▀

Yolanda sprinkel tydens 'n formele fotosessie vir die radiostasie, OFM.



Opvoeder gee oortreders

Wanneer sy met oortreders werk wat hul vonnisse by die Mafikeng Korrektiewe Sentrum uitdien, is al wat me Hellen Leseane raaksien, mense wat haar hulp nodig het.

Deernis is een van die eienskappe wat me Hellen Leseane, alumna van die Mafikeng-kampus, een van die suksesvolste opvoeders vir volwassenes in Suid-Afrika se Departement van Korrektiewe Dienste maak.

“Ek sien die oortreders as my broers wat hulp nodig het. Met ’n opvoeding is dit vir hulle moontlik om ’n bestaan te maak nadat hulle vrygelaat is. Dit is dan makliker om ’n plek in die samelewing te vind.”

As die hoof van onderwys en opleiding by die Mafikeng Korrektiewe Sentrum hanteer Hellen al die onderwysprogramme vir oortreders, insluitend basiese onderwys en opleiding vir volwassenes (ABET), opleiding in beroepsvaardighede soos loodgieters, en tersiêre studies deur afstandsonderrig.

“Ons uitslae is baie goed. Vir ABET-vlak 2, 3 en 4 in 2010/11 – die tydperk van hierdie toekenning – het slegs drie leerders gedruip en was ons slaagsyfer ongeveer 85%.”

Drie leerders is tans besig met hul diplomas of grade. Hellen weet van verskeie vorige oortreders wat graad 12 by die sentrum voltooi het en toe voortgegaan het om hul kwalifikasies te verbeter nadat hulle op parool vrygelaat is.

DIE BESTE VAN DIE BESTES

Hellen het in Maart 2013 die gesogte Onderwys en Opleiding-toekenning van die Minister van Korrektiewe Dienste, mnr Sibusiso Ndebele ontvang. Dit het haar die top-opvoeder gemaak.

Wat die toekenning nog meer spesiaal maak, is dat niemand anders naby daaraan gekom het om te wen nie. Hoewel twee ander finaliste vir die toekenning in aanmerking gekom het, was hulle gesamentlik in die derde plek. “Daar was geen tweede plek nie, wat die toekenning ’n baie groot prestasie vir my maak.”

Twee weke nadat sy die toekenning ontvang het, het die Australiese Korrektiewe Onderwysvereniging haar genooi om hul 2013-konferensie in Australië by te woon.

Daarna, in Augustus 2013, het die *Mail & Guardian* haar ingesluit in hul 2013-Boek van Suid-Afrikaanse Vroue waarmee hulle erkenning gee aan die land se invloedrykste vroue.

NIE HAAR EERSTE KEUSE NIE

Sy is duidelik ’n uitstekende onderwyser, maar onderwys was eintlik nie haar eerste studiekeuse toe sy aanvanklik by die destydse Universiteit van Bophuthatswana aansoek gedoen het nie.

“Ek wou ’n maatskaplike werker word, maar het besluit om my tweede keuse uit te oefen, naamlik publieke administrasie,” sê Hellen, wat in die dorpie Pela naby Rustenburg grootgeword het, en die jongste van 11 kinders is.

Gelukkig – soos dinge verloop het – is haar aansoek vir BA Administrasie afgekeur. “Ek is nie toegelaat nie omdat die kursus reeds vol was, maar nou besef ek dat ek die grootste fout van my lewe sou gemaak het as ek toelating gekry het.”

Dinge het goed uitgewerk: Hellen hou in elk geval nie baie van administrasie nie en boonop is onderwys in haar bloed. “Ons is ’n familie van onderwysers. My pa, my drie susters en die meeste van my familieleden was onderwysers, en ek het gesien hoe hulle deur die gemeenskap gerespekteer word.”

Dus was dit onderwys. Nadat sy haar BA Opvoedkunde-graad in 1996 voltooi het, het Hellen haar BA Honneurs in Aardrykskunde voltooi en was sy reg om die onderwys te betree.

Haar loopbaanplanne het egter toe ’n knou gekry. “Dit was 1997 en die Bophuthatswana-regering is omvergewerp. Daar was geen poste vir onderwysers beskikbaar nie.”

AAN DEURE GEKLOP

Sy het egter nie lank getob daaroor nie.

“Ek het een oggend na ’n radio-onderhoud met die destydse provinsiale hoof van onderwys by die Rooigrond Korrektiewe Sentrum geluister,” onthou Hellen. “Ek het sy besonderhede afgeskryf en vir hom gaan vra om as vrywilliger onderwys te gee. Hulle het my twee maande later geskakel.”

In plaas daarvan om gratis te werk, het Hellen ’n klein salaris ontvang as onderwyser vir volwassenes by die Mafikeng Korrektiewe Sentrum.



hoop vir die toekoms

'n Jaar of twee later het sy die geleentheid gekry om vir 'n pos as sekuriteitsamptenaar aansoek te doen.

"Ek het by Dissipline gewerk, wat beteken dat ek onder meer as bewaarder moes optree, hospitaalbesoeke moes doen en die hek moes beman," onthou Hellen.

Dit het drie jaar geduur en haar ver weg van onderwys, haar passie, geneem.

"Dit was egter nie vermorste tyd nie. Ek het die geleentheid gebruik om by die onderwyskantoor te help, byvoorbeeld wanneer mense met verlof was."

Later, toe die geleentheid hom voordoen, het sy suksesvol aansoek gedoen om 'n onderwyser te word – 'n pos wat sy sedertdien beklee.

LUISTER EN VERSTAAN

Haar rol as onderwyser by die korrektiewe sentrum stel haar boonop in staat om 'n smakie van maatskaplike werk, haar aanvanklike loopbaankeuse, te ervaar.

"Ek sien soms dat 'n leerder nie klas bywoon nie, of dat sy prestasie verswak. Ek sal daardie persoon dan na my kantoor toe roep en vra wat die rede is."

Wanneer Hellen sien dat 'n leerder swaarmoedig is, doen sy haar bes om vir daardie persoon hoop te gee, en indien nodig stuur sy hom na 'n maatskaplike werker vir berading.

"Ek gee baie om, maar terselfdertyd vergeet ek nooit waarom ek hier is nie. Al sê die leerders ek is streng, is dit belangrik dat hulle verstaan dat hulle net 'n beter toekoms kan bou as hulle hul gedrag verander."

Die boodskap dat misdaad nie lonend is nie, is een wat Hellen glo jongmense moet hoor.

Dit is die doel van haar Advise the Youth-projek, wat behels dat die stories van oortreders wat bereid is om op kamera te verskyn, op video opgeneem word. Die plan is om hierdie stories op DVD's te sit en om dit in die toekoms by skole te versprei.

"Jongmense is nie bewus van die gevolge van misdaad en hoeveel hulle in die tronk kan verloor nie," sê Hellen. "As hulle dit eerstehands hoor, sal hulle besef wat die impak op die lewens van oortreders en hul families kan wees."

Hierdie projek is egter steeds in sy kinderskoene. Intussen hou Hellen aan om te doen wat sy die beste doen: om deur middel van uitstekende onderwys hoop aan oortreders te bring. ▀

Me Hellen
Leseyane

Tegno-baas

vind balans in die natuur

Die verbysterende vooruitgang van die hedendaagse tegnologie maak hom opgewonde, maar net so raak dr John Carstens, alumnus van die Vaaldriehoekskampus, geesdriftig oor die stilte van die natuur.

Dr John Carstens weet hoe om teenoorgesteldes te balanseer.

As hoof- finansiële beampte van Altech, 'n telekommunikasie-, multimedia- en inligtingstegnologie-maatskappy, is sy werksomgewing dié van voorpunttegnologie, terwyl sy harts-wêreld dié van berge, see en die bosveld is.

Die geheim, sê hy, is om tyd in die natuur deur te bring sodat jy die balans tussen die vinnige pas van die tegnologiese wêreld en die rustigheid van die natuur kan vind.

"Ons kry nie altyd hierdie balans reg nie, maar wat my betref ontmoet ek God in die skoonheid en stilte van die natuur," sê hy.

VAN BERG TOT RIVIER

Geen wonder dr John is lief vir die natuur nie – hy het immers in die mooie Kaap grootgeword en aan die Tygerberg Hoërskool in Parow gematrikuleer.

Daarna het hy Tafelberg verruil vir die Bolandse berge en aan die Universiteit van Stellenbosch sy BCom- en BComHons-graad behaal. Sy meestersgraadstudies (1992 tot 1997) en doktorsgraadstudies (1999 tot 2003) het hy op die oewers van die Vaalrivier voltooi toe die NWU se Vaaldriehoekskampus nog deel van die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys was.

Dr John, 'n gekwalifiseerde rekenmeester, se doktorsgraad was oor rekeningkundige beheer in elektroniese handel. Dit het gelei tot die skryf van 'n handboek wat in 2004 gepubliseer is, met dr John en prof Pierre Lucouw van die Vaaldriehoekskampus as medeskrywers en -versorgers.

WAT 'N REIS

Hy sê sy studiejare was (en is nog steeds) 'n ontdekkingsreis waartydens hy voortdurend kennis inwin en meer omtrent hom-

self ontdek. "Hier speel nie net boekekennis 'n rol nie, maar ook die invloed wat mense op my vorming gehad het en nog het."


Hy het gedurende die afgelope 21 jaar kontak behou met prof Pierre en sy vrou, Susan. "Hulle is baie spesiale vriende van my en Ann, my vrou."

Ann is 'n professor in veeartsenykunde aan die Universiteit van Pretoria. Dr John het self ook 'n draai in die akademie gemaak toe hy aan die voormalige Vista Universiteit in rekeningkunde en ouditkunde klas gegee het.

Voor hy in 1989 by Altech aangesluit het, het hy by onder meer ouditeursfirmas, Dairy Bell, Sasol en ASEA, 'n Sweedse vervaardigingsmaatskappy, gewerk.



Dr John en prof
Ann kuier in die
Okovango-delta.



MAAK DIE LEWE MAKLIKER

In 1996 is dr John as 'n maatskappydirekteur en die hoof- finansiële beamppte van Altech aangestel. Sy take is om by te dra tot die strategie en beplanning, en die neem en uitvoer van besluite. Hy oefen ook beheer uit oor die finansiële besluite, kontroles en sakebeplanning van Altech.

Ná meer as 24 jaar se ondervinding in die elektronika-, telekommunikasie- en elektriese-energie-bedryf, raak hy steeds opgewonde oor die nuwe innoverende tegnologieë wat amper daagliks ontwikkel word. Hy hou veral van koordlose toestelle en goedkoper, eenvoudiger kommunikasietoestelle wat 'n mens se lewe vergemaklik.

'N HELPENDE HAND

Dit gaan darem nie net oor tegnologie nie – vir dr John is dit belangrik dat maatskappye ook by gemeenskappe betrokke raak.

“Sosiale betrokkenheid behoort deel te wees van 'n maatskappy se doelwitte – hulle moet dus teruggee aan die gemeenskap wat indirek hul bestaan moontlik maak.”

Met sy aftrede wat in 2014 wink, is dr John tevrede dat hy deur die jare probeer het om ander by te staan in hul ontwikkeling – in werksverband én andersins.

Iets wat hy dalk anders sou gedoen het, is om selfs meer terug te gegee het van wat hy oor die jare geleer en ondervind het. “Ek sou ook graag meer tyd wou spandeer aan gemeenskapswerk – hopelik sal ek dit kan regstel in die jare wat voorlê.”

TERUGGEE, REIS EN RUS

Dr John-hulle bly tans nog in Pretoria, maar het eiendom in George en Haroldsbaai, en beplan om by die see af te tree.

“Daar is so baie om na uit te sien. Dit sal vir

my spesiaal wees om meer tyd met my familie en vriende deur te bring en om meer betrokke te raak by gemeenskapsake. Ook om ons land en sy mense te verken.”

VIER WINDRIGTINGS

Gedurende sy loopbaan het dr John baie gereis en vandag nog is Italië en Engeland van sy gunstelinglande.

Sy voorliefde vir Engeland is waarskynlik ook te danke aan die feit dat sy een seun en skoon-dogter reeds die afgelope sewe jaar daar bly. Sy ander seun is darem nader – dié bly saam met sy gesin in Muizenberg, Kaapstad.

Oupa John spog met twee kleinkinders – 'n dogter en 'n seun.

GOEIE RAAD EN 'N LES OF TWEE

Vir die jongmense van vandag het hy goeie raad: “Maak seker dat julle 'n rigting kies waarin julle juis sal kan uitleef. Ek weet dit is nie altyd maklik nie, maar so baie mense sit in beroepe waarin hulle nie gelukkig is nie.”

En wat het die lewe hom sover geleer?

So antwoord hy hierop: “Ek is bly jy praat van ‘sover’, want elke dag leer ek nog steeds. As ek moet opsom, sal ek sê jy moet jou droom lewe, gelukkig wees in jouself en volhard met dit wat jy ook al aanpak.”

Op sy wenslys vir die jare vorentoe is om nog 'n boek te skryf en om lesings te gee. Ander items op dié lysie sluit in lees, reis en kuier – langs die braaivleisvuur, die swembad of die see.

Hy sal waarskynlik ook meer tyd kry vir sy gunsteling-stokperdjies. Moet dus nie verbaas wees as jy hom op 'n douvarsoggend met stapstewels aan in die Drakensberge, of dalk langs 'n silwer waterstroom in Mpumalanga met 'n visstok in die hand raakloop nie... ▶

“AS EK MOET OPSOM, SAL EK SÊ JY MOET JOU DROOM LEWE, GELUKKIG WEES IN JOUSELF EN VOLHARD MET DIT WAT JY OOK AL AANPAK.”

”

Dr Renata kén van kultuurkos

Dr Renata Coetzee, alumnus van die Potchefstroom-kampus en ontvanger van 'n eredoktorsgraad van die NWU, word beskryf as gevierde en legendariese kosskrywer en navorser van formaat.

Kos gaan oor baie meer as net eet – 'n volk se koskultuur is ook nou verweef met sy waardes, kuns, musiek en volksverhale – dus sy ganse menswees.

Die waarheid hiervan word bevestig in dr Renata Coetzee se boek, *Koekemakranka – Khoi-Khoi-Kultuurgoed en Kom-Kuier-Kos*, waarvan die eerste uitgawe in 2009 by die uitgewer Lapa verskyn het.

Dié boek, wat die kosstories van die etniese groep, die Khoi-Khoi* vertel, is nie dr Renata se eerste buiging op die kosverhoog nie.

Haar sowat 40 jaar lange navorsing oor die eetgewoontes

van inheemse volke het al gelei tot verskeie boeke (sien tekskassie), lesings en verskynings in TV-programme. Sy het ook al dikwels by internasionale kosfeeste in onder meer Israel, die VSA, Switserland, Oostenryk, Nederland, China, Zambië, Namibië, en Malawi opgetree.

BEKEND WORD BEMIND

As teëvoeter vir die spreekwoord, onbekend is onbemin, maak dr Renata oral waar sy kom en deur alles wat sy doen, mense bewus van die ryk kos-erfenis van die verskillende kultuurgroepe van Suid-Afrika en leer sy hulle om dit te respekteer.

“Deur mekaar se eetkultuur te leer ken, leer ons ook mekaar ken,” sê dr Renata.

Vir haar lewenslange toewyding en bydrae het sy in 2000 die Kanseliersmedalje van die Universiteit van Pretoria ontvang en in 2007 'n eredoktorsgraad van die NWU.

Haar verbintenis met die NWU – en spesifiek met die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO) – het dekades gelede begin toe sy in 1948 as eerstejaartjie ingeskryf het vir 'n BSc-grad in dieetkunde, voedselkunde en chemie.

Dr Renata het haar voorgraadse studies opgevolg met 'n meestersgraad wat sy in die VSA behaal het, waar sy verbonde was aan die universiteite Wisconsin-Madison en Cornell.

Sy het ook by verskeie Suid-Afrikaanse universiteite klasgegee, naamlik die PU vir CHO (1960 tot 1963), Stellenbosch en Pretoria.

BEWAAR ONS ERFENIS

Vir dr Renata gaan dit egter oor meer as net 'n loopbaan – sy is passievol oor die bewaring van inheemse kossoorte en -tradisies.

“Verskeie spesies veldkosse in Suider-Afrika is reeds verlore of staan op die randjie om uit te sterf,” vertel sy.

Dr Renata Coetzee versamel al vir jare feite en stories oor mense en hul koskulture.

Om dié erfenis te bewaar, help sy graag met die vestiging van inheemse tuine, byvoorbeeld die een op die Solms-Delta Wynlandgoed naby Franschoek.

In dié tuin kweek hulle tradisionele kruie, vrugte en groente van die Khoi-Khoi, onder meer suring, wildekool, die Kei-appel en die T'samma. (Laasgenoemde is 'n soort waatlemoen wat die Kalahari se bekendste bron van water en veldkos is.)

VAN VELDKOS TOT TAFELKOS

Die kos uit die tuin word gebruik om veldkosdisse in die wynlandgoed se restaurant, Fyndraai, voor te berei.

"Ek is so bly dat die resultate van my navorsing op so 'n manier gebruik word," sê dr Renata.

Dit is haar wens dat dié oudste eetkultuur van ons land deesdae al hoe meer sal herleef. In die derde deel van haar boek, *Koekemakranka*, bring sy dan ook die verlede en die hede by mekaar uit met haar resepte vir "Khoi-Khoi-kosgoed vir vandag se tafels".

Onder hierdie resepte is daar drinkgoed soos koekemakranka-likeur, souse soos t'Nabbasous (gemaak van Kalahari-truffels), en vleisgeregte soos ystervarkvel op die kole gebraai en Haas t'kom (haasvleis gestoof met wildeknooffel en wilderoosmaryn).

NOG VERDER TERUG

Dr Renata finaliseer tans 'n boek wat nog verder teruggaan as die kultuurkos van die Khoi-Khoi – dit gaan oor die eetgewoontes van die Khoi-Khoi se "voormense".


Dié vroeë mense het reeds 200 000 jaar gelede aan die suidpunt van Afrika gewoon en volgens wetenskaplikes is die hele wêreld oor duisende jare uit hierdie Afrika-mense bevolk. Hulle het ook bevind dat die vroeë mense wat by die Blombos-grot naby Stilbaai gebly en seekosse geëet het, 'n belangrike skakel in die ontwikkeling van die mensdom was.

Vir almal wat lief is vir die stories van mense se koskultuur, sal dié boek, *A Feast from Nature – !GAROB ≠ UN* – vir groot leesgenot sorg. ▀

* Khoi-Khoi is die meervoud van Khoi-Khoi.

Kosverhale uit haar pen

Deur die jare het dr Renata se navorsing die kosstories van verskillende boeke geword:



- ❖ *Spys en Drank* is vir die eerste keer in 1977 deur Struik uitgegee en het vanjaar in 'n nuwe baadjie by Lapa verskyn. Hierdie boek vertel van die kosgewoontes aan die Kaap tussen 1652 en 1800 en hoe dit beïnvloed is deur die Maleisiese slawe, die Franse, Hollanders en Duitsers.

Oor die 1977-uitgawe skryf die bekende sjef en koskenner, Peter Veldsman: "Vir die eerste keer ná Leipoldt het 'n kosboek van kulturele waarde verskyn."

Oor vanjaar se uitgawe sê hy: "Hier is geen sprake van 'n droë, akademiese opeenstapeling van feite nie. Die boek praat 'n taal wat selfs die huidige geslag jongmense sal prikkel."

- ❖ *Funa – Food from Africa* gaan oor die kos en eetgewoontes van die verskillende swart etniese groepe van Afrika. Dié boek, wat in 1982 deur Butterworths uitgegee is, is tans uit druk.
- ❖ *Cost-conscious Creative Catering*, deur dr Renata self uitgegee in 1994, weerspieël haar kennis van massa-spyseniering. (Sy was byvoorbeeld in 'n stadium as afdelingsbestuurder vir dieetkunde en spyseniering by Anglo American verantwoordelik vir onder meer 250 000 maaltye per dag.)
- ❖ *Koekemakranka – Khoi-Khoi-Kultuurgoed en Kom-Kuier-Kos*. Hierdie boek het in 2009 by Lapa verskyn en Volker Miro was verantwoordelik vir die pragtige foto's daarin.
- ❖ *Kukumakranka – Khoi-Khoi-Culture, Customs and Creative Cooking* het in 2010 by Lapa verskyn, met foto's deur Volker Miro. ▀

GENERASIE



Dit verg meer as 'n goeie salaris om Generasie Y-werknemers te trek en te behou. Dié werknemers verwag om vinnig bevorder te word, begin vroeg-vroeg reeds aan hul aftrede dink en is op soek na 'n werk-lewe-balans en baie opleidingsgeleenthede.

Hoe om Generasie Y-werknemers te trek

Baie werkgewers sukkel met die trek, ontwikkeling en behoud van Generasie Y-werknemers.

Hierdie is slegs een van die bevindinge van 'n navorsingstudie gelei deur prof Nicolene Barkhuizen van die Departement Bedryfsielkunde aan die Mafikengkampus.

"Ons doelwit was om te bepaal watter belonings- en vergoedingspraktyke hulle na organisasies toe sal lok," sê prof Nicolene

Generasie Y verwys na die ouderdomsgroep wat gebore is tussen die vroeë 1980's en die vroeë 2000's wat blykbaar altyd op die uitkyk is na beter vooruitsigte en meer lonende werk in bekende maatskappye en prestigegewings.

Vir die studie het 202 finalejaar- voorgraadse studente 'n opnamevraelys voltooi wat 17 belonings- en vergoedingspraktyke meet op 'n vyfpuntskaal wat wissel van "stem glad nie saam nie" tot "stem volkome saam".

"Sommige van ons bevindinge was nogal verrassend," sê prof Nicolene.

VINNIGE LOOPBAANVORDERING IS 'N PRIORITEIT

Een verrassing was dat loopbaanontwikkeling die belangrikste werksvereiste van Generasie Y-werknemers was – selfs belangriker as 'n goeie basiese salaris.

"Basiese salaris is belangrik vir hulle, maar loopbaanontwikkeling is nóg belangriker," sê sy. "Dit blyk dat Generasie Y-werknemers hul loopbane in meer senior poste wil begin as vroeëre generasies; hulle wil ook vinniger vordering maak en is nie bereid om lank te wag vir bevorderingsgeleenthede nie."

Nóg 'n verrassende resultaat was dat aftreevoordele die derde-belangrikste faktor was vir die deelnemers aan die opname. "Dit is baie interessant dat sulke jong mense reeds aan hul aftrede begin dink."

Die vierde- en vyfde-belangrikste belonings- en vergoedingspraktyke was opleidingsgeleenthede en werk-lewe-balans.

VERSKILLE TUSSEN ENGELS- EN AFRIKAANSSPREKENDES

Daar was enkele verskille wat betref die prioriteite van Engelssprekende deelnemers aan die opname – wat die grootste groep in die studie was – vergeleke met die prioriteite van hul Afrikaanssprekende eweknieë.

Ná basiese salaris en loopbaanbevordering het Afrikaanssprekendes hul belangrikste vergoedingspraktyke gelys as prestasiebestuur, werwing en werk-lewe-balans.

Vir die Engelssprekende respondente was gesondheidsorg die grootste oorweging – selfs aanlokliker as basiese salaris en loopbaanbevordering.

Die prentjie het egter effens verander toe die hele groep gevra is om hul belangrikste en onbelangrikste belonings- en vergoedingspraktyke te rangorden (in plaas daarvan om aan die hand van die vyfpuntskaal saam te stem met of te verskil van stellings in die vraelys).

"Die resultate van die rangordening het getoon dat basiese salaris verreweg die belangrikste was, gevolg deur werk-lewe-balans, loopbaanbevordering en gesondheidsorg," sê prof Nicolene. "Die onbelangrikste praktyke daarenteen was aandeel, gevolg deur byvoordele, afslag en leierskapstyl."

Volgens haar het die studie nuwe navorsingsmoontlikhede meegebring, en is die span gretig om dieper te delf oor kwessies soos Generasie X-werknemers se houdings jeens gesondheidsorg en aftrede.

Dit is resultate wat werkgewers graag onder oë sal wil kry. ▀



Prof Nicolene wou weet wat Generasie Y-werknemers se prioriteite is.

Kunsskatte – klein begin lei tot groot gewin



Met net £6 in die jaarlikse begroting om kunswerke aan te koop in 1932 het die NWU se kunsversameling gegroei tot 1 031 werke wat vandag sowat R17 miljoen werd is.

Die versameling, wat destyds deur die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys begin is, is onlangs meer toeganklik gemaak vir die publiek toe 'n boek daarvoor gepubliseer is.

Die boek, *NWU Art Collection: Looking back while moving forward*, is op 15 Augustus 2013 tydens 'n uitstalling op die Potchefstroomkampus bekend gestel.

VAN TOEKA TOT NOU

Die naam van die boek dui op die kombinasie van ouer en nuwer kunswerke in die NWU se versameling. Van die ouer werke sluit in dié van kunstenaars soos Pierneef, Maggie Laubser, Bettie Cilliers-Barnard en Jo Roos.

Moderne kunswerke in die versameling is dié van Pauline Gutter, Stompie Selibe, Barbara Wildenboer, Diane Victor en Gordon Froud.

Ook internasionale kunstenaars soos Paul Boulitreau, Christophe Miralles en Fabien Claude se skeppings is deel van die versameling.

HOE DAN ANDERS?

Mnr Johan Myburgh, kuns- en vermaak-redakteur van *Beeld*, het die uitstalling by die Botaniese Tuine-galery geopen.

"Hoe kan 'n universiteit dan anders as om 'n kunsversameling te hê?" het hy gevra. "Dis tog kuns wat ons herinner aan ons menslikheid – met al sy bagasie – en wat aan die kyker uitkoms bied en uitdrukking gee aan die dikwels onsegbare. Dis kuns wat ons in staat stel om te onthou, te droom en kinders te wees.

"Dit is belangrik om die kunsversameling te wýs. Dis gaaf as skilderye in kantore hang, maar dit beteken meer in die biblioteek en ander openbare ruimtes."

VERSAMEL OOR 80 JAAR

Die NWU se kunsversameling, wat oor die afgelope 80 jaar opgebou is, bestaan uit skilderye, beelde, grafiese werke en 'n paar voorbeelde van handwerk.

Volgens die kurator, me Christina Naurattel, was die kunsversameling al dikwels die onderwerp van navorsing en onderrig.

"Die galery verbind ook die kulturele lewe van die NWU met dié van die breër gemeenskap deur middel van uitstallings en publikasies om 'n begrip van en waardering vir die visuele kunste te kweek," sê sy.

Die boek oor die kunsversameling is die realisering van 'n droom van sowat 10 jaar gelede om 'n omvattende katalogus van die universiteit se kunsversameling saam te stel. ▶



Maureen Vivian Quin se twee werke, *Queen* 1988 en *Supplication* 1998 – 1999, is deel van die NWU se kunsversameling.



Links: Hanneke Benade se kunswerk, *Dropping a hint*, soos afgeneem deur Robert Hamblin.



Erica sing 'n *wiegeliedjie vir haar alma mater*

Me Erica Eloff, befaamde opera-sangeres en alumna van die Potchefstroom-kampus, het onlangs tydens 'n etensuurkonsert op die kampus die wiegeliedjies gesing wat NWU-personeel, dr Hannes Taljaard vir haar dogtertjie gekomponeer het.

"As die aandwind jou pla, kan jy in my arms kom slaap. As die maan in jou ogies skyn en 'n traan op jou wangkie laat. Sing saam met my!"

Met dié pragtige woorde kan die bekende en bekroonde sopraan, me Erica Eloff, haar derde kind, Elodie (21 maande) spelerig, komies en uiteindelik rustig aan die slaap neurie.

Dié wiegeliedjie is deel van 'n siklus van vyf kinderliedjies wat dr Hannes Taljaard, 'n senior dosent en komponis in die Skool vir Musiek op die Potchefstroomkampus, spesiaal vir Erica met die geboorte van haar jongste gekomponeer het.

Potchefstromers het op 29 Augustus 2013 tydens 'n etensuurkonsert die voorreg gehad om vir die eerste keer dié komposisies van dr Hannes te hoor.

Wat dié konsert nog meer spesiaal gemaak het, was dat Erica, wat deesdae in Londen woon, self daar was om die wiegeliedjies in die konservatorium van haar alma mater te sing. Die pragtige lirieke en musiek – met Erica wat sing, me Estelle Loubser op klavier en mnr Human Coetzee op tjello – het die gehoor meegesleur.

'N SPESIALE GESKENK

Dr Hannes vertel dat hy met die siklus van wiegeliedjies 'n spesiale geskenk vir Erica wou gee. 'n Geskenk wat nie net in 'n kas weggebêre kon word nie, maar wat elke keer weer opnuut spesiaal en betowerend sou wees.

"Die siklus bestaan uit vyf liedjies en beeld 'n tipiese slaaptid-scenario tussen ma en kind

uit," vertel hy. "In die eerste liedjie sing die ma 'n liedjie om die kind aan te spoor om haar speelgoed weg te pak. Dan sing hulle saam 'n liedjie vir beskerming teen die onbekende en vreesaanjaende dinge in die nag."

Dr Hannes vertel dat die kind in sy komposisie steeds nie teen die einde van die beskermliedjie vaak is nie en die ma en kind sing dan 'n spelerige telrympie. "Die ma se vindingrykheid oortref haar kind se verwagtinge in die vierde liedjie en die kind word vaak en raak aan die slaap."

Dié klein grepie uit die lewensdrama van ma en kind word afgesluit met 'n liedjie wat verklaar dat 'n wêreld geskep kan word waar aanvaarding sterker is as verwagtinge.

Hy sê dit was aanvanklik nie heeltemal die plan om 'n siklus te skryf nie, maar dat dit stelselmatig vorm aangeneem het. Hy het inspirasie in die werke van grootmeesters gevind. "Daar is iets in van Brahms, Britten en Schubert. Ek het ook oor Haydn se skouer geloer," vertel hy. "Haydn was veral die inspirasie vir die spesifieke baslyn wat in die komposisie gehoor kan word."

GRYSES, GELES EN GROTES

Erica sê die lirieke is betowerend en vind aanklank by ouers en kinders.

"In die komposisie is dit nie net belangrik wat die mamma vir haar kind sê nie, maar ook hoe sy dit sê. Die mamma gaan baie kreatief met taal om en gebruik byvoorbeeld onder andere alliterasie wanneer sy sing van gryses, geles en grotes om die kind se aandag te behou. Die



liedjies het sterk emosionele inhoud en is ook baie persoonlik in die sin dat dit verwys na liedjies uit Hannes se kinderlewe soos, *Eendjies, eendjies staan in 'n ry*".

Erica en haar man, Jacques, het mekaar in 1994 ontmoet. Hulle het drie kinders, Eleonor (12), Xavier (10) en Elodie. As ma van drie verstaan sy dus hoe spesiaal en doeltreffend wiegeliedjies kan wees. Dit maak die geskenk van dr Hannes, wat sy as 'n kosbare vriend beskou, baie kosbaar en gepas.

Die uitvoering by die konservatorium was vir Erica soos 'n baie spesiale tuiskoms.

"Dit is lekker om tuis te wees hier waar my talent geslyp is. Dit voel byna of mens weer by familie wat jy lank laas gesien het, kom kuier. Die NWU se konservatorium met sy

personeel en kundigheid het 'n belangrike plekkie in my hart."

Sy sê sy probeer ten minste een keer 'n jaar besoek bring aan die konservatorium, waar sy in 1995 'n eerstejaar was.

Dit is nie die eerste keer dat dr Hannes spesiaal wiegeliedjies vir Erica komponeer nie. In 1999 het hy Wiegeliedjies (Boek 1) en in 2001 Wiegeliedjies (Boek 2) ook vir Erica gekomponeer. ▀

Die geboorte van sopraan Erica Eloff (regs) se jongste het dr Hannes Taljaard (links) aangespoor om 'n siklus van vyf wiegeliedjies, "Sing saam met my", te komponeer.



NWU en Kaizer Chiefs span saam

Die NWU gaan sy kundigheid beskikbaar stel om saam met die bekende sokkerklub, Kaizer Chiefs, jong sokkerspelers te help ontwikkel.

Volgens 'n ooreenkoms met die sokkerklub, Kaizer Chiefs, sal die NWU sy kundigheid beskikbaar stel vir die opleiding van jong, talentvolle sokkerspelers van dié klub se jeugakademie in Johannesburg.

Die Sentrum vir Voortgesette Professionele Opleiding (SVPO) op die Vaaldriehoekkampus sal as kontakpunt tussen die sokkerklub en kundiges dwarsoor die NWU optree.

Die kundigheid sal spesifiek benut word om jong sokkerspelers as afgeronde individue te ontwikkel – dit het dus nie noodwendig net met sokker self te doen nie.

Dit beteken dat die NWU konsultasiedienste sal lewer en advies sal gee oor 'n breë verskeidenheid onderwerpe. Dit sluit onder meer finansies, voeding, psigologiese voorbereiding vir hoëprestasiesport, en fisieke kondisionering in. Die sokkerspelers sal dus op akademiese en professionele gebied ontwikkel word om hulle voor te berei vir die lewe ná hul professionele sokkerloopbane.

“Die spesifieke soort kennis wat nodig sal wees, sal afhang van Kaizer Chiefs se behoeftes. As hulle byvoorbeeld kennis oor voeding vir sportmense nodig het, sal ons hulle in kontak bring met die voedingkundiges op die Potchefstroomkampus. Die SVPO is dus die koördineringsseenheid wat die kundigheid van die NWU mobiliseer vir die doeleindes van die projek, sê mnr Ederick Stander, projekbestuurder by die sentrum.

NWU-kundiges van die Vaaldriehoekkampus is reeds besig om te help met die samestelling van 'n besigheidsplan en 'n handleiding vir die jeugakademie. Die handleiding sal elemente van sosiale, intellektuele, fisiese, taktiese en tegniese ontwikkeling bevat.

HELE NWU KAN BAAT

Ederick sê die samewerking met Kaizer Chiefs hou verskeie voordele vir die NWU in.

Behalwe dat die verbintenis met 'n wêreldbekende handelsnaam soos dié van Kaizer Chiefs goeie bemerkingsvoordele meebring, sal die NWU ook derdegeldstroominkomste ontvang vir die dienste of kennis van sy kundiges.

“As uitvloeisel van die ooreenkoms het Kaizer Chiefs se senior span, die huidige Absa Premierskap- en Nedbankbeker-kampioene, reeds twee van hul voorseisoen-oefenkampe by die ENB Hoëprestasie-instituut vir Sport op die Potchefstroomkampus gehou. Die klub betaal ook reeds die Vaaldriehoekkampus 'n maandelikse diensfooi vir die beskikbaarstelling van professionele dienste.”

INNOVASIESENTRUM

Nog 'n resultaat van die samewerking tussen Kaizer Chiefs en die NWU is die Kaizer Chiefs-innovasiesentrum wat volgende jaar op die Vaaldriehoekkampus gevestig gaan word. NWU-personeel en studente, asook ondersteuners uit die plaaslike gemeenskap, sal daar die totale Kaizer Chiefs-ervaring kan beleef.

Prof Thanyani Mariba, die kampusrektor, en mnr Kaizer Motaung, die uitvoerende voorsitter van Kaizer Chiefs en legendariese sokkerikoon in Suid-Afrika, het reeds 'n ooreenkoms geteken om hierdie sentrum moontlik te maak.

Die sentrum sal uit 'n tweeverdiepinggebou van ongeveer 300 m² bestaan. In die onderste lokaal sal 'n wye reeks Kaizer Chiefs-produkte te koop aangebied word, terwyl die boonste lokaal as kantooruimte sal dien waar nagraadse studente en akademici van die NWU byvoorbeeld navorsing kan doen.

Ederick glo die NWU se verbintenis met Kaizer Chiefs sal baie navorsingsgeleenthede skep, onder meer in vakdisseplines soos sportbestuur, -wetenskap en -sielkunde.

“Die samewerking met Kaizer Chiefs is 'n bewys van die NWU se goeie reputasie as 'n navorsingsinstansie met 'n uitnemende kundigheidsbasis en as 'n internasionaal erkende bestemming vir sportontwikkeling,” sê hy. ▀



Ons gee erkenning vir besondere bydraes

Hoofregter Mogoeng Mogoeng het 'n eredoktorsgraad van die NWU se Mafikeng-kampus ontvang vir sy visie van 'n onafhanklike, bemagtigde, getransformeerde regbank met genoegsame hulpbronne.

As regter en presidentregter van die Noordwes-provinsie het hy sy bande met die NWU se Fakulteit Regte op die Mafikengkampus behou en tree hy gereeld daar as gasspreker en mentor op.

Die Mafikengkampus het ook 'n eredoktorsgraad toegeken aan **dr Mbuyiseni Oswald Mtshali**, ter erkenning van sy lewenslange bydrae tot die letterkunde in Suid-Afrika en die wêreld.

Sy boek, *Sounds of a Cowhide Drum: Poems*, was een van die eerste digbundels deur 'n swart Suid-Afrikaanse digter en het hom in 1974 die Olive Schreiner-prys vir poësie in die sak gebring.

Prof Michael Welker het 'n eredoktorsgraad van die Potchefstroomkampus ontvang vir sy besondere bydrae om Bybelse en Reformatoriese Teologie weer relevansie te gee in 'n tydvak waarin Bybelse Teologie as gedateerd beskou word.

Prof Michael is vereer vir sy ontwikkeling van teologiese navorsingsnetwerke en sy rol in gesprekke tussen teoloë en natuurwetenskaplikes.

Die Mafikengkampus het die Kanseliers-medalje toegeken aan **me Mmakgotha Grace Masuku** vir haar uitsonderlike bydraes op die gebied van omgewingsbewaring, die beskerming van inheemse kennisstelsels vir volhoubare bestaan (onder meer tradisionele geneeskunde), en die bevordering van die kultuur van die Batswana-mense.

Mnr Vincent Craig Carruthers het die Kanseliersmedalje van die Potchefstroomkampus ontvang vir sy bydrae tot omgewingsake en sy betrokkenheid by verskeie gesaghebbende boeke oor die Suid-Afrikaanse wildlewe.

Vincent het twee boeke in samewerking met die NWU die lig laat sien – *Complete guide to the frogs of Southern Africa* en *Frogs and Frogging in South Africa*.

Die Potchefstroomkampus het die Kanseliers-medalje aan **ds Erlo Hartwig Stegen** toegeken vir sy voortgesette bydraes in die veld van opvoedkunde-ontwikkeling en gemeenskaps-opheffing.

Ds Erlo het die Kwasizabantu-sendingstasie, tans die grootste in Afrika, in 1970 begin.

Die Vaaldriehoekkampus het die Kanseliers-medalje aan **dr Molefi Oliphant** toegeken vir sy uitstaande bydrae tot die ontwikkeling van sokker en sy rol in die ontstaan van die bod aan Suid Afrika om die 2010 FIFA Wêreldbeker aan te bied.

Dr Molefi was die tesourier van die destydse Transvaalse Sokkervereniging, waarna hy as die adjunk-president en later president van die Suid-Afrikaanse Sokkerunie verkies is. ▸

Die Noordwes-Universiteit het vanjaar verskeie persone wat uitmuntende bydraes tot die samelewing gemaak het met eredoktorsgrade of kanseliers-medaljes vereer.



Hoofregter Mogoeng Mogoeng ontvang 'n eredoktorsgraad van die Mafikengkampus, onder meer vir sy pogings om die regstelsel meer effektief te maak deur beter toegang tot geregtigheid, spesifiek vir landelike en arm gemeenskappe.

Intervarsity is oorlog, man!

Sewentig jaar van intervarsity met Kovies het baie krokodilrane en rou wonde opgelewer, maar darem ook baie vreugdevure en breëbors-oomblikke. Die boek, *Dis oorlog, man!* vertel die veelbewoë verhaal van dié veldslae.

Intervarsity is nie vir sissies nie – dis oorlog, man!

Dis die boodskap van die lekkerlees-boek oor die afgelope 70 jaar van intervarsity tussen die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoërondewys (nou die NWU) en die Universiteit van die Vrystaat.

Dié boek is die breinkind van prof Rikus Fick, die dekaan vir studentesake op die NWU se Potchefstroomkampus. Die inhoud daarvan is te danke aan me Lennie Gouws en mnr Bertie Jacobs.

Lennie, 'n vryskutjoernalis van Potchefstroom, het ure lank navorsing gedoen in die argiewe van die NWU en die plaaslike koerant, die *Potchefstroom Herald*.

Bertie, 'n gesoute joernalis van Bemarking en Kommunikasie op die kampus, het talle onderhoude gevoer met die groot geeste van vandag en gister: alumni, afrieters en spelers.

Dié twee skrywers het vanmelewe se feite, vertellings, gerugte en staaltjies afgestof en blinkgepoets om dié prettige boek saam te stel. Me Marlize van Rooyen, ook van Bemarking en Kommunikasie, was verantwoordelik vir die uitleg.

"Jy's so skeel: as jy huil, loop die trane teen jou rug af." Me Lennie Gouws, 'n vryskutskrywer, en mnr Bertie Jacobs van Bemarking en Kommunikasie, lag te lekker oor dié kwinkslag wat die Intervarsity-dergent, mnr Hans van Zyl, in 1960 kwytergaak het. Lennie en Bertie het die boek, *Dis oorlog, man!* geskryf.

TOEKA SE TYD

In die boek wemel dit van foto's uit toeka se tyd, en nooi opskrifte soos "die plesiermakery en lawaai duur voort", "skaking van epiese proporsies" en "Kov-sies-tog! "jou om te lees.

Hoewel daar verwys word na sportsoorte soos netbal en hokkie, word die grootste deel van die boek aan rugby afgestaan, met die uitslae van die "veldslae" van 1927 tot 2011 agter in die boek.

"Wanneer 'n mens deur die geskiedenis van die afgelope 69 intervarsities blaai, val dit jou op hoe uniek elkeen van hulle was," skryf prof Rikus in sy voorwoord.

So was daar byvoorbeeld die epiese rugbystryd van 1977 waarvan die uitslag beskryf is as "Pukke 30 Springbokke 27". Dan was daar ook die droewige "maer jare" van 1978 tot 2000 toe die Puk-rugbyspan net een keer teen die Kovies kon seëvier en hulle een keer gelykop geëindig het.





Die rugbyspan van 1977 is agter van links J Strydom, O Oosthuizen, D Weitz, E le Roux en A Markgraaff. In die middel van links is T Eloff, S Greyling, B de Klerk, J Venter, D van Heerden, P Coetzee en F Venter. Voor van links is W Smit, mnr P Malan (sport-direkteur), J Stoffberg, (afrigter/kaptein), dr W Scott (voorsitter) en A Rossouw.



Die Intersvarsity-span vir 2013 is voor van links Malan van der Merwe, JC Oberholzer, Gerhard Nortier, Hannes Esterhuizen (hoofafrigter), Victor Kruger (kaptein), Attie Strauss (afrigter), André Barnard en Philip de Wet. In die middelste ry van links is Henning van der Merwe (skopafrigter/logistieke bestuurder), Pieter Smith, Janus Jonker, Mashudu Mafela, Marius Fourie, Johan Smith, Rudolph Muller, Justin Botha en Jaco Colyn (fisioterapeut). Agter van links is Ian Heyns, Henri Scharneck, Robey Labuschagne, Cobus Oosthuizen (sportwetenskaplike), Danie Jordaan, SJ Niemand, Adriaan Oosthuizen en Malherbe Swart.

BEHOORLIK AFGERANSEL

Gelukkig het die nuwe millennium 'n keerpunt gebring en het die vreugdevure hoog gebrand toe die span in 2000 ná 17 jaar die wendroogte verbreek het.

Nie lank daarna nie, in 2005, het die Puk-span die Kovies behoortlik afgeransel ("ge-white-wash" soos die plaaslike koerant dit beskryf het) toe hulle hul grootste oorwinning nog oor Kovies behaal het, naamlik 48 – 28.

KOM SING SAAM

Behalwe vir kleurrike beskrywings van die wedstryde, krioel die boek ook van staaltjies oor legendariese dirigente, geesdriftige sjampjenootjies en ontvoerde SR-voorsitters.

Boonop kry jy vir jou R250 (of R300 met posgeld ingesluit as die adres in Suid-Afrika is) nie net die boek nie, maar ook 'n CD met intersvarsity-liedjies op. Dié kom van langspeelplate wat in 1961 en in 1969 uitgegee is. (Die 1961-plaat het destyds 'n volle R3,50 gekos!)

"Sing gerus saam en as jy jou oë toemaak, is dit weer intersvarsity..." nooi die skrywers van die boek.

Maar eers moet jy die boek koop – skakel gerus vir me Karien Lowe van prof Rikus se kantoor by 018 299 2834 of stuur 'n e-pos aan haar by karien.lowe@nwu.ac.za om jou eksemplaar in die hande te kry. ▶

DIT BEGIN ALLES BY DIE NOORDWES- UNIVERSITEIT

Die Noordwes-Universiteit herdenk volgende jaar die eerste dekade van 'n suksesvolle samesmelting. Ons het in 2004 'n reusesprong die toekoms in gewaag sodat u 'n reusesprong in u s'n kan maak. Ons is vandag voortdurend op soek na nuwe maniere om die toekoms af te baken, omdat ons wil hê dat u net so trots sal wees om deel van die Noordwes-Universiteit te wees soos ons daarop is dat u een van ons alumni is.

Dit begin alles hier TM



NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

®